

DIE ROL VAN LEESSTRATEGIEë IN LEESBEGRIPONDERRIG

ANNAMART DORFLING

Honneurs B. Ed.

**Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Educationis aan die Noordwes-
Universiteit**

Studieleier: Prof. C. Nel

**September 2007
Potchefstroom Kampus**

DANKBETUIGING

Ek wil graag die volgende bedank:

- My Skepper op wie ek elke dag kan vertrou en vir die talent wat Hy my gegee het.
- My man, Stef, en ons kinders, Nerichè en Estevan, vir hul ondersteuning, geduld en opoffering ter wille van my studie.
- Prof. Carisma Nel, my studieleier, vir u geduld en morele ondersteuning deur die jare. U is 'n ongelooflike kenner op u gebied en dit was voorwaar 'n voorreg om my studie onder u te kon doen.
- Cecelia, Johanna, Nella, Thea en Zandria vir die vertaalwerk.
- Dr. Sanet Brits, 'n vriendin, vir haar volgehoue aanmoediging en opbouende kritiek.
- Tienie Oosthuizen wat so geduldig was met die statistiekhoofstuk.
- Magriet Lotz vir al die boeke wat sy uit Polokwane se biblioteek vir my aangedra het.

SUMMARY

Key words: reading comprehension, primary school, reading strategies, instruction techniques, gender.

Research indicated that the reading ability of Grade 3 to 7 learners is insufficient for them to successfully complete their grades. This is an issue which needs attention very seriously, because it is clear that many students who have problems with reading comprehension and don't use reading strategies optimally and strategically are unprepared for the academic literacy requirements that typically characterise all levels of education, and that may very well be a part of their upcoming job responsibilities. For students to become mindful, motivated strategy users, they need systematically orchestrated instruction. Good instruction is the most powerful means of developing proficient comprehenders and preventing reading comprehension problems.

The purpose of the study was to determine whether:

- Grade 3, 5 and 7 learners use reading comprehension strategies and, if they do, which strategies are they using during which phase (pre-reading phase, during reading phase and post-reading phase).
- ◆ There is a difference in boys' and girls' use of reading-comprehension strategies.
- ◆ There is a difference in the use of reading comprehension strategies and the reading comprehension between Grade 3, 5 and 7 learners.
- The teachers of Grade 3, 5 and 7 learners are teaching reading strategies and, if so, which reading strategies are they teaching and how are they teaching them.

A single cross-section survey design was used in the study. A total of 240 Grade 3, 5 and 7 learners attending two primary schools in Pietersburg, as well as six teachers (one for each grade in each of the two schools), participated in this study.

Results showed that Grade 3, 5 and 7 learners differ regarding their use of reading strategies during the before reading, during reading and after reading phases. Results

further showed that girls, in their use of reading strategies, differed statistically from boys, but the difference only revealed a small effect size.

Pearson product moment correlations indicated that there was a relationship between reading strategy use and reading comprehension of Grade 3, 5 and 7 learners. The results of the ANOVA and the *post hoc* Tukey test showed that there were statistically, as well as practically, significant differences in the use of reading strategies and reading comprehension between Grade 3, 5 and 7 learners. The results also indicated that, although teachers sometimes teach reading strategies, the teaching does not seem to be explicit.

OPSOMMING

Sleutelwoorde: leesbegrip, laerskool, leesstrategieë, onderrig, tegnieke, geslag.

Navorsing toon dat die leesvaardigheid van Graad 3 tot 8 leerders nie voldoende is om hul graad suksesvol te voltooi nie. Dit is 'n saak wat ernstige aandag vereis, aangesien dit duidelik is dat heelwat leerders wat probleme met leesbegrip ondervind en nie optimaal en strategies van leesstrategieë gebruik maak nie, onvoorbereid is vir die akademiese lees- en- skryfvereistes wat tiperend alle vlakke van onderrig kenmerk en wat heel moontlik 'n deel vorm van hul toekomstige werkverantwoordelikhede is. Sistematies georkestreerde onderrig is nodig om leerders toe te rus om oplettende, gemotiveerde strategiegebruikers te word. Goeie onderrig is die beste manier om bekwame lesers te ontwikkel en leesbegrippeleme te voorkom.

Die doel van die studie was om te bepaal of:

- Graad 3, 5 en 7 leerders leesbegripstrategieë gebruik en indien wel, welke leesbegripstrategieë gebruik word en in welke fase (vóórleesfase, tydensleesfase en náleesfase);
- daar 'n verskil is in seuns en dogters se leesbegripstrategiegebruik;
- daar 'n verskil is tussen Graad 3, 5 en 7 leerders se leesbegripstrategiegebruik en hulle leesbegrip;
- onderwysers in Graad 3, 5 en 7 leesstrategieë onderrig en, indien wel, welke leesstrategieë hulle onderrig en hoe hulle dit onderrig.

'n Eenmalige dwarsnitopname ontwerp is in dié studie gebruik. Altesaam 240 Graad 3, 5 en 7 leerders in twee laerskole in Pietersburg het aan die studie deelgeneem. Ses onderwysers (een vir elke graad in elk van die twee skole) het ook die studie deelgeneem.

Die resultate toon dat die Graad 3, 5 en 7 leerders verskil in hul gebruik van leesstrategieë in die vóórlees-, tydenslees- en náleesfases. Die resultate toon verder dat dogters in hul gebruik van leesstrategieë in die voorleesfase statisties betekenisvol van die seuns verskil het, maar dat die verskil slegs 'n klein effekgrootte getoon het.

Pearson-produktmomentkorrelasies toon dat daar 'n verband was tussen leesstrategiegebruik en leesbegrip by Graad 3, 5 en 7 leerders. Die resultate van die ANOVA en die *post hoc* Tukey-toets toon aan dat daar statisties sowel as prakties betekenisvolle verskille was in die leesstrategiegebruik en leesbegrip van Graad 3, 5 en 7 leerders. Die resultate toon dat onderwysers soms leesstrategieë onderrig, maar dat die onderrig nie eksplisiet blyk te wees nie.

LYS VAN TABELLE

- Tabel 1: Beskrywende statistiek vir elke graad ten opsigte van voorleesstrategiegebruik
- Tabel 2: Beskrywende statistiek vir elke graad ten opsigte van tydensleesstrategiegebruik
- Tabel 3: Beskrywende statistiek vir elke graad ten opsigte van náleesstrategiegebruik
- Tabel 4: Die verskil in leesstrategiegebruik deur seuns en dogters
- Tabel 5: Pearson-produkmomentkorrelasies
- Tabel 6: ANOVA vir leesstrategiegebruik en leesbegrip van Graad 3, 5 en 7 leerders
- Tabel 7: *Post hoc* Tukey-toets

LYS VAN FIGURE

- Figuur 1: Vóórleesstrategiegebruik deur graad 3, 5 en 7 leerdere
- Figuur 2: Tydensleesstrategiegebruik deur graad 3, 5 en 7 leerdere
- Figuur 3: Náleesstrategiegebruik deur graad 3, 5 en 7 leerdere
- Figuur 4: Die verskil in leesstrategiegebruik deur seuns en dogtere
- Figuur 5: Pearson-produkmomentkorrelasies
- Figuur 6: ANOVA vir leesstrategiegebruik en leesbegrip van Graad 3, 5 en 7 leerdere
- Figuur 7: *Post hoc* Tukey-toets

INHOUDSOPGAWE

Dankbetuiging	i
Summary	ii
Opsomming	iv
Lys van Tabelle	vi
Lys van Figure	vii
1. HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1 Inleiding en motivering	1
1.2 Doel van die studie	3
1.3 Hipotese	4
1.4 Metode van ondersoek	4
1.4.1 Literatuuroorsig	4
1.4.2 Empiriese ondersoek	4
1.5 Hoofstukindeling	5
2. HOOFSTUK 2 : LEESSTRATEGIEë EN LEESBEGRIP	6
2.1 Inleiding	6
2.2 Teoretiese raamwerk	7
2.2.1 Wederkerige onderrigbenadering	7
2.2.1.1 Teoretiese oriëntasie	7
2.2.1.2 Empiriese navorsing	8
2.2.2 Transaksionele strategie-onderrigbenadering	11
2.2.2.1 Teoretiese oriëntasie	11
2.2.2.2 Empiriese navorsing	12
2.2.3 Die Kognitiewe Akademiese Taalleerbenadering (KATLB)	15
2.2.3.1 Teoretiese oriëntasie	15
2.2.3.2 Empiriese navorsing	18
2.2.4 Evaluering van die benaderings	19
2.3 Leesstrategieë	21
2.3.1 Definisie	21
2.3.2 Klassifikasie van leesstrategieë	22
2.3.2.1 Voorlees	22
2.3.2.1.1 Voorspelling van wat in die teks staan	22
2.3.2.1.2 Voorskouing	23
2.3.2.1.3 Doelwitstelling	23
2.3.2.1.4 Aktivering van voorkennis	23
2.3.2.2 Tydenslees	24
2.3.2.2.1 Verkenningslees en vluglees	25
2.3.2.2.2 Die maak van afleidings	25
2.3.2.2.3 Afleiding van betekenis van woorde in konteks	26
2.3.2.2.4 Identifisering van die hoofgedagte in 'n paragraaf	26
2.3.2.3 Nálees	29
2.3.2.3.1 Opsommings	29
2.3.2.3.2 Evaluering	30

2.4	Faktore wat die gebruik van leesstrategieë beïnvloed	31
2.4.1	Leesstyle van leerders	31
2.4.2	Motivering	32
2.4.3	Geslag	33
2.5	Die verband tussen die gebruik van leesstrategieë en leesbegrip	35
2.6	Samevatting	36
3.	HOOFSTUK 3 : LEESSTRATEGIE-ONDERRIG	36
3.1	Inleiding	37
3.2	Watter leesstrategieë moet onderrig word?	37
3.3	Hoe moet leesstrategieë onderrig word	39
3.3.1	'n Voorbeeld van hoe hiërgargiese opsommings onderrig kan word	43
3.3.2	'n Voorbeeld van 'n leesstrategie-onderrigmodel	46
3.4	Samevatting	47
4.	HOOFSTUK 4 : NAVORSINGSMETODE	48
4.1	Inleiding	48
4.2	Empiriese ondersoek	48
4.2.1	Ontwerp	48
4.2.2	Proefpersone	49
4.2.3	Instrumentasie	49
4.2.3.1	Leerders	49
4.2.3.2	Onderwysers	50
4.2.4	Data-insamelingsprosedure	51
4.2.5	Data-analise	51
4.3	Etiese aspekte	52
4.3.1	Beskerming teen skade	52
4.3.2	Toestemming	52
4.3.3	Reg van privaatheid	52
4.3.4	Eerlikheid teenoor professionele kollegas	53
4.4	Gevolgtrekking	53
5.	HOOFSTUK 5 : RESULTATE EN BESPREKING	54
5.1	Inleiding	54
5.2	Die gebruik van leesstrategieë deur Graad 3, 5 en 7 leerders	55
5.3	Leesstrategiegebruik deur seuns en dogters	61
5.4	Die verband tussen leesstrategiegebruik en leesbegrip	62
5.5	Die onderrig van leesstrategieë	68
5.6	Samevatting	71
6.	HOOFSTUK 6 : GEVOLTREKING EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	72
6.1	Inleiding	72
6.2	Gevolgtrekking	72
6.2.1	Literatuuoroorsig	72
6.2.2	Empiriese studie	73
6.3	Aanbevelings vir verdere navorsing	73

6.4 Samevatting	74
BIBLIOGRAFIE	75
AANHANGSEL A	94
AANHANGSEL B	105
AANHANGSEL C	109
AANHANGSEL D	112
AANHANGSEL E	116

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleiding en motivering

Leesvaardigheid is die belangrikste fundamentele vaardigheid vir alle skoolgebaseerde leer en daarsonder is die kans op akademiese en beroepsukses beperk (Reid Lyon, 1998). Volgens Pretorius (2000:1-2) is swak leesbegrip 'n kenmerk van onderpresteerders in Suid-Afrika. In 'n opskrif in die Sunday Times (16 Julie 2000) is Suid-Afrikaanse kinders as die "domkoppe van Afrika" bestempel. Die artikel gaan oor die bevindinge van 'n vergelykende studie van geletterdheid- en syfervaardigheidvlakke van laerskoolkinders van 12 lande in Afrika. Dit blyk dat Suid-Afrikaanse kinders swak met hul Afrika-portuurgroep vergelyk betreffende geletterdheid en syfervaardigheid. Navorsing deur Venter (2002) toon dat leerders se taal- en leesvaardighede nie voldoende vir suksesvolle vordering in Graad 3 ontwikkel het nie.

Leesvaardighede word in die eerste vier skooljare ontwikkel. As kinders eers in die vroeë grade geleer is hoe om te lees, word lees grootliks as vanselfsprekend aanvaar. Min intensiewe en deurlopende moeite word gedoen met die ontwikkeling van begripslees en leerders word ook nie blootgestel aan 'n wye verskeidenheid tekste nie. Hoewel baie onderwysers besef dat lees belangrik is, is die werklike aandag wat gegee word aan lees ná Graad 4 nie noemenswaardig nie. Lees word soms as 'n vry periode beskou of word gebruik om huiswerk te doen (Pretorius, 2000:2). Dougherty Stahl (2004:598) sê "Until recently, I believed that my job as a first or second grade teacher was to develop fluent readers with the ability to decode novel text automatically This is no longer enough". Stelselmatige en duidelike onderrig van fonemiese bewustheid, klanke, vlotheid, woordeskat en leesbegripstrategieë behoort in die kurrikulum ingesluit te word. Dié aanbeveling is gegrond op die National Reading Panel se meta-analise van literatuur oor leesnavorsing (NICHD, 2000).

Omvattende navorsing in die primêre fase wat verband hou met fonologiese bewustheid en klanke regverdig die insluiting van dié aspekte in onderrig (Castiglioni-Spalten & Ehri, 2003). Navorsers het ook aangedui dat selfs die jongste lesers die geleentheid gebied moet word om "code breakers, meaning makers, text users and text critics" te word (Muspratt *et al.*, 1997). Baie min navorsing, indien enige, is gedoen oor Suid-Afrikaanse kinders se begripsvermoë, veral van die gebruik van leesbegripstrategieë.

Leesbegripstrategieë is die kognitiewe proses wat die leser onderneem voor, tydens en na die lees van 'n teks om die teks doeltreffend te verstaan, asook om probleme te voorkom, te identifiseer of op te los wat in die proses kon ontstaan (Aarnoutse, 1998). Goeie lesers gebruik verskillende strategieë vóór, tydens en ná die lees van 'n teks (Dreyer & Nel, 2003). Volgens die verskillende studies op die gebied van leesbegrip (National Reading Panel, 2000; Pearson, 2001; Pressley, 2000; Bertin *et al.*, 2004; Dougherty Stahl, 2004), is die volgende strategieë noodsaaklik vir die suksesvolle verloop van die leesproses: Bepaling van 'n leesdoelwit, aktivering van die voorkennis, ontdekking van die aard en struktuur van verskillende soorte tekste, ontdekking en opsomming van die tema en die hoofgedagtes van 'n teks, opstel en beantwoording van lesers se eie vrae, evaluering van tekswaarde en nadenke oor die leesaktiwiteite wat uitgevoer is, asook die uitkoms van dié aktiwiteite. Die sleutel tot die aanleer van leesbegripstrategieë deur die leerder is die onderrigtechnieke/metodes wat deur die onderwyser gebruik word. Die meeste modelle van onderrigtechnieke omvat verduidelikende kennis, prosedurele kennis en voorwaardelike kennis (Duffy, 1993; Paris *et al.*, 1983).

Navorsing toon dat onderrig in die bewustheid van fonologie en klank nie voldoende is as onderwysers wil hê dat leerders moet kan lees en die veelvuldige genres vir veeldoelige doeleindes begryp nie. 'n Paar jaar gelede het navorsing getoon dat die meeste onderwysers en die programme vir leesonderrig baie min of geen aandag gewy het aan die werklike ontwikkeling van leesbegripstrategieë onder laerskoolleerders nie (Aarnoutse & Weterings, 1995; Durkin, 1979; Dutch Educational Inspectorate, 1996).

Reid Lyon en Chhabra (2004:12) sê: " Because students who do not learn to read will have difficulty mastering academic content, succeeding in school, and fulfilling their life potential, the schools' fundamental responsibility is to ensure that all students read proficiently."

Teen die voorgaande agtergrond van die probleem, kom die volgende navorsingsvrae na vore:

- Gebruik Graad 3, 5 en 7 leerders leesbegripstrategieë? Indien wel, welke leesbegripstrategieë word gebruik en in welke fase (vóórleesfase, tydensleesfase en náleesfase)?
- Is daar 'n verskil in leesbegripstrategiegebruik deur seuns en dogters?
- Wat is die verband tussen Graad 3, 5 en 7 leerders se leesbegripstrategiegebruik en hul leesbegrip?
- Onderrig onderwysers in Graad 3, 5 en 7 leesstrategieë? Indien wel, welke leesstrategieë en hoe word dit onderrig?

1.2 Doel van die studie

Die doel van die studie is om te bepaal of:

- Graad 3, 5 en 7 leerders leesbegripstrategieë gebruik en indien wel, welke leesbegripstrategieë gebruik word en in welke fase (vóórleesfase, tydensleesfase en náleesfase);
- daar 'n verskil is tussen seuns en dogters se leesbegripstrategiegebruik;
- daar 'n verskil is tussen Graad 3, 5 en 7 leerders se leesbegripstrategiegebruik en hul leesbegrip;
- onderwysers in Graad 3, 5 en 7 leesstrategieë onderrig, en indien wel, welke leesstrategieë hulle onderrig en hoe hulle dit onderrig.

1.3 Hipoteses

Die volgende hipoteses word vir die studie gestel:

H₁: Daar is 'n verband tussen leesbegripstrategiegebruik en leesbegrip.

H₂: Daar is 'n verskil in die Graad 3, 5 en 7 leerders se leesbegripstrategiegebruik.

H₃: Geslag speel 'n rol in leesbegripstrategiegebruik.

1.4 Metode van ondersoek

1.4.1 Literatuuroorsig

'n GKPV-, Nexus- en EBSCO-host-soektog is onderneem met behulp van die volgende sleutelwoorde: reading comprehension; primary school; reading strategies; instruction; techniques; gender; reading phases (before, during and after reading).

1.4.2 Empiriese ondersoek

'n Eenmalige deursnitopname-ontwerp is in hierdie studie gebruik. Die totale populasie van Graad 3, 5 en 7 leerders (N = 240) in Laerskool Pietersburg–Oos en Laerskool Ivypark het aan die studie deelgeneem. Daar is van trossteekproefneming gebruik gemaak om op 'n ewekansige wyse een klas per graad te kies. Die data is met behulp van leesbegripstrategievraelyste ingesamel wat aangepas is vir Graad 3, 5 en 7 leerders asook leesbegripstoetse vir Graad 3, 5 en 7 leerders. Daar is van deelnemende en nie-deelnemende waarneming gebruik gemaak om die onderwysers se onderrig van leesstrategieë waar te neem. Onderhoude is ook met die onderwysers gevoer om meer diepgaande antwoorde oor hul gebruik van leesstrategieë te bekom. Die data is met beskrywende statistiek (bv. gemiddeldes en standaardafwykings) en afleibare statistiek, naamlik ANOVA, Pearson-produkmomentkorrelasies ontleed. Effekgroottes is bereken om te bepaal of die gemiddelde verskille prakties betekenisvol is.

1.5 Hoofstukindeling

In hoofstuk 2 word drie kernbenaderings wat die teoretiese grondslag van leesstrategieonderrig vorm, bespreek en word leesstrategieë en leesbegrip, sowel as die verband tussen dié aspekte bespreek.

In hoofstuk 3 word twee kernvrae rondom leesstrategie-onderrig aangespreek, naamlik welke leesstrategieë om te onderrig en hoe dit gedoen moet word.

In hoofstuk 4 word 'n uiteensetting gegee van die ondersoekmetode wat in dié studie aangewend word.

Hoofstuk 5 bevat die resultate en 'n bespreking daarvan.

Hoofstuk 6 bevat die gevolgtrekking en aanbevelings vir verdere navorsing.

HOOFSTUK 2

LEESSTRATEGIEË EN LEESBEGRIP

2.1 Inleiding

Daar word algemeen aanvaar dat om te leer lees een van die mees kritieke leerprosesse is waarby kinders in primêre skole betrokke is (Van Keer, 2004:38). Dis nie maklik om 'n bekwame leser te word nie. Baie kinders ondervind veral met leesbegrip as die einddoel groot en aanhoudende probleme (Van Keer, 2004:38).

Navorsers het bevind dat vergelykende lees hoogs strategies is (Pressley & Afflerbach, 1995). Omdat sterk lesers verskeie strategieë koördineer om die begrip en onthou van die teks te verbeter, is strategie-ontwikkeling as 'n belangrike komponent van leesonderrig daaruit gebore.

'n Oorsig van die literatuur dui daarop dat dit moeilik is om 'n artikel te vind wat nie na strategie-onderrig verwys nie (Kern, 1989; Dreyer, 1998; Kozminsky & Kozminsky, 2001; Lau & Chan, 2003). Pressley en Harris (1990) wys daarop dat baie studente strategieë nie outomaties aanleer nie. Om hierdie probleem aan te spreek, wys Oxford (1990) daarop dat bewuste vaardighede in selfaangewese leer verskerp moet word deur onderrig. Daarby toon navorsing dat leerders wat strategie-onderrig ontvang beter vaar as dié wat dit nie ontvang nie, asook dat sekere tegnieke vir sulke onderrig voordeliger as ander is (Chamot & Kupper, 1989; Oxford, 1994; Dreyer, 1998).

Die doel van dié hoofstuk is om drie verskillende benaderings tot leesstrategie-onderrig te bespreek, naamlik die Wederkerige Onderrigbenadering, die Transaksionele Strategie-onderrigbenadering asook die Kognitiewe Akademiese Taalleerbenadering. Dié benaderings is al met verskeie ouderdomsgroepe gebruik asook met eerste-, tweede- en

vreemde taal leerders (Allen, 2003). Tweedens, word daar krities gekyk na verskillende leesstrategieë en ook na die verband tussen leesstrategiegebruik en leesbegrip.

2.2 Teoretiese raamwerk

Die fokus in dié afdeling is op drie kernbenaderinge tot leesstrategie-onderrig, naamlik die Wederkerige Onderrigbenadering, die Transaksionele Strategie-onderrigbenadering en die Kognitiewe Akademiese Taalleerbenadering. Die resultate van die studie (sien hoofstuk 5) word binne dié drie benaderings geïnterpreteer.

2.2.1 Wederkerige Onderrigbenadering

Vervolgens word die teoretiese oriëntasie van die Wederkerige Onderrigbenadering bespreek, asook die empiriese navorsing wat dit onderskryf.

2.2.1.1 Teoretiese oriëntasie

Die Wederkerige Onderrigbenadering is 'n model wat oorspronklik ontwerp is deur Palincsar en Brown gedurende die middel 1980's (Palincsar & Brown, 1984; 1986). Dit is gegrond op die kognitiewe funksionele teorie van lees. Volgens dié benadering tot lees is lees 'n proses waarin die leser aktief op soek is na betekenis in die inhoud (Glaser, 1990). Saamgestelde agtergrondkennis maak die soeke na betekenis moontlik vir die leser en juis as gevolg daarvan, is dit moontlik om aan te neem dat die leser die betekenis "saamstel" uit die kombinasie van inhoud en agtergrondkennis (King, 1994; Pressley, 2000). Konstruktivisme beklemtoon die feit dat die leser begrip gee aan tekstuele boodskappe, en dat sodanige begrip aktiewe interpretasie vereis en dat die proses tot 'n kumulatiewe opbou van betekenis lei. Dit is nie 'n passiewe aksie nie. Pleks van passief lees, moet die leser die inhoud wat hy of sy tans lees in ag neem, asook hoe dit inskakel by ander wat reeds geïnterpreteer is, sowel as idees, onderwerpe en gevalle wat die basis van sy of haar agtergrondkennis vorm (Brown *et al.*, 1996:39; Graves *et al.*, 1998:8). Volgens die konstruktivisme is enige betekenis wat die leser heg of ontdek gegrond op sy of haar individuele agtergrondkennis en unieke intellektuele moontlikhede (King, 1997; Pressley, 2000). Dus sal twee lesers nooit dieselfde betekenis aan dieselfde inhoud heg nie (Von Glasersfeld, 1984). Die mate waarin die leser 'n begrip van die inhoud opbou, mag egter deur die inhoud self beperk word. 'n Abstrakte gedig oor 'n mens se gevoelens sal meer

potensiële persoonlike saamstellings hê as inhoud oor hoe om 'n spesifieke funksie op 'n rekenaar uit te voer. Die konstruktiviste voer aan dat 'n mens se agtergrondskennis sterk beïnvloed word deur sosiale interaksie in die wêreld, insluitend die inhoud van die teks, daarom ondersteun dit besprekings en groepwerk ten sterkste om alle moontlike betekenis van die inhoud te wete te kom (Anderson & Pearson, 1984; Graves *et al.*, 1998).

“Trapsgewysleer” is 'n onderrigproses wat die leser ondersteun, is teenwoordig en behoort gereeld in skole gebruik te word (Van den Broek & Kremer, 1998). Dié proses laat die leerder toe om iets te doen wat hy of sy sonder hulp nie sou kon doen nie en leef sodoende die idee uit wat in Vygotsky (1978) se sone van naaste ontwikkeling vervat word. Volgens Vygotsky (1978) kan individue ter enige tyd funksioneer in 'n area of sone waarin hulle moontlik kan leer. Enersyds is daar aspekte soos doelwitte wat hulle onafhanklik kan bereik en daarteenoor staan leestake wat hulle nie kan voltooi nie, selfs met die hulp van 'n “meer bevoegde mens”, soos 'n onderwyser, ouer of 'n beter ingeligte gelyke (Pintrich & Schunk, 2002). Tussenin lê dié take wat leerders slegs kan bereik as iemand wat meer ingelig of meer bevoeg is hulle bystaan (Brown & Palincsar, 1989). Dit is in dié tussengebied waar effektiewe trapsgewysleer plaasvind. Geleidelik, namate leerders meer bevoeg raak, verdwyn trapsgewysleer en aanvaar hulle mettertyd toenemende verantwoordelikheid vir hul leeswerk (Gallimore & Tharp, 1990). As leerders die trappe waarop iets geplaas is wat hulle pas onafhanklik bemeester het, baasgeraak het, word nuwe trappe opgerig om die leer van moeilike stof te ondersteun.

Een van die beste maniere van trapsgewysleer is deur die onderwyser se kognitiewe en metakognitiewe modellering, waarin die onderwysers die aktiwiteit uitvoer eerder as om die leerders bloot te vertel hoe om dit te doen (Webb & Farivar, 1999; Pintrich & Schunk 2002). Deur modellering te gebruik, gee die onderwysers duidelike instruksies in die gesprek, sodat hul gedagteprosesse onthul word terwyl hulle die taak uitvoer wat die leerders gevra gaan word om te verrig (Allen, 2003:322).

2.2.1.2 Empiriese navorsing

In die algemeen is navorsing oor die Wederkerige Onderrigbenadering, gegrond op die hipotese dat aktiewe bespreking van die inhoud van 'n teks in klein groepe lees sal

bevorder deur leerders se leesbegrip te verbeter, asook hul vermoë om self-regulerende en moniteringsvaardighede te ontwikkel, en dit sal hul motivering versterk (Palincsar & Brown, 1984; Borkowski, 1992).

Palincsar en Brown (1984) het in hul oorspronklike Wederkerige Onderrigbenaderingstudie van graad 6 en 7 lesers, vier uitgesoekte leesstrategieë gebruik wat algemeen geassosieer word met die Wederkerige Onderrigbenadering, naamlik die stel van vrae, die verklaring van onderwerpe, om op te som en om voorspellings te maak (Palincsar & Brown, 1984; Palincsar *et al.*, 1992). Aanvanklik word leerders in klein groepe verdeel waar die inhoud stil gelees word en daarna mondelings deur een van die leerders of mondelings deur die onderwyser, afhange van die groep se vermoë. Die gekose leier in die groep, onderwyser of leerder, vra dan vrae oor die inhoud om bespreking uit te lok.

Gedurende die bespreking word die leerders aangemoedig om deel te neem deur op die inhoud te reageer en vrae te vra om helderheid te verkry. As groeplede se interpretasie verskil, word die inhoud weer gelees. Daarna moet die groep die essensie van die inhoud asook die samestelling van die geleesde deel identifiseer. Dit is die plig van die groepsleier om die aanvanklike opsomming te maak en dan om bespreking aan te moedig sodat dit wat onbekend of verkeerd verstaan is, duidelik gemaak word en laastens, moet die groepleier ook voorspellings maak na aanleiding van die besprekings (Palincsar & Brown, 1984). Aanvanklik stel die onderwyser die prosesse van die Wederkerige Onderrigbenadering voor, breek die stappe op, leerders se lees word gemonitor, steiering en terugvoering word verskaf, en die sessies word aangepas by die leerder se behoeftes en vermoëns. Aangesien dit die doel van die Wederkerige Onderrigbenadering is om die leerders aktief betrokke te kry in die gebruik van strategieë, poog die onderwyser om toenemend leierskapverantwoordelikheid aan die leerders toe te wys. Palincsar en Brown (1984:3) beklemtoon verskeie punte om leerders in dié proses by te staan:

Eerstens is die verkryging van strategieë 'n gedeelde verantwoordelikheid tussen onderwyser en leerders. Tweedens, hoewel die onderwyser aanvanklik die meeste verantwoordelikheid op sy of haar skouers neem vir die onderrig en modulering van strategieë, word die verantwoordelikheid geleidelik na die leerders oorgeplaas. Die onderwyser gee al die leerders die geleentheid om deel te neem deur bystand te verleen met ondersteunende kommentaar en aanmoediging, of om die eise waaraan die leerder

moet voldoen, te verander. Laastens word leerders herhaaldelik daaraan herinner dat die strategieë bruikbare metodes is wat hul begrip van die teks sal verbeter. Deur gedurig te streef om betekenis uit die teks te verkry, besef leerders dat lees nie net die vermoë is om aan woorde betekenis te gee nie, maar ook die gebruik van metakognitiewe strategieë insluit wat konstruktiewe en evaluerende aktiwiteite fasiliteer.

Die Wederkerige Onderrigbenadering is omvangryk nagevors onder leerders van verskillende ouderdomme en leesvermoëns, van graad een tot sewe, sowel as naskoolse studente (Palincsar & Brown, 1986; Palincsar & David, 1991; Fillenworth; 1995). Sestien Wederkerige Onderrigbenaderingstudies is deur Rosenshine en Meister (1994) nagevors om die doeltreffendheid van dié onderrigbenadering te bepaal. In hul oorsig het hulle twee soorte Wederkerige Onderrigbenaderinge vasgestel. Die eerste het hulle "reciprocal teaching only" genoem en die tweede "explicit teaching before reciprocal teaching" (Rosenshine & Meister, 1994:483). Dié benadering word toegepas in die aanleer van strategieë in gesprekvoering in klein groepe. "Reciprocal teaching only" beteken dat die strategieë wat in klein groepe gebruik is nie voor die begin van die besprekings aangeleer is nie, terwyl "explicit teaching before reciprocal teaching" verwys na studies waar die leerders bekendgestel word aan die vier strategieë voordat gesprekvoering plaasvind, hoofsaaklik deur werkvelle en die hele klas se betrokkenheid by besprekings. Ondanks dié verskille in onderrigtegniek, het al die studies vergelykbare eksperimentele en kontrolegroepe as deel van die ontwerp gehad en het hulle ooreenstemmende voordele getoon. Die effekgrootte was 0.32 met die gebruik van gestandaardiseerde toetse as kriteria en 0.88 toe waardebeplating deur gebruikmaking van navorsingsontwikkelde begripstoetse gedoen is.

'n Voorbeeld van "explicit teaching before reciprocal teaching" is Lederer (2000) se studie oor "Teaching social studies in inclusive elementary classrooms". In dié studie het Lederer (2000) tussen 15 en 17 dae, afhangende van die klas, met 128 graad 4, 5 en 6 deelnemers in klein groepies gewerk. Die navorser het wederkerige onderrig verduidelik en het die strategieë aangedui wat gebruik sou word: vraestelling, opsomming, inhoudverklaring voorspellings doen. Oor die eerste vyf dae van uitdruklike wederkerige onderrig het die navorser die proses gestruktureer en die leerders stap vir stap hul gebruik van die vier strategieë waargeneem. Terugvoering is daagliks aan leerders gegee en halfpad deur die

proses is hulle in ander groepe ingedeel om die voorkoms van 'n passiewe of nie-bydraende funksie te voorkom. Die resultate het betekenisvolle positiewe veranderinge getoon in die drie afhanklike veranderlikes (die vermoë om vrae te stel, te beantwoord en om opsommings te doen) toe leesbegrip gemeet is deur eksperimentele en kontrolegroepe te vergelyk, en ook toe die graadvlakke vergelyk is.

2.2.2 Transaksionele Strategie-onderdigbenadering

In die volgende gedeelte word die teoretiese oriëntasie van die Transaksionele Strategie-onderdigbenadering bespreek met voorbeelde uit die navorsing wat daarvoor gedoen is.

2.2.2.1 Teoretiese oriëntasie

Pressley (1997:9) kan beskou word as die ontwerper van die Transaksionele Strategie-onderdigbenadering. Deur 'n ontleding van 'n reeks beskrywende navorsingstudies het Pressley (1997) probeer om die aard van bruikbare klaskamerbegripstrategieë te verstaan, asook hoe dit doeltreffend onderrig word. In dié studies het Pressley se navorsingsgroep leerders waargeneem wat dikwels leesbegripstrategieë gebruik het in die bespreking van die inhoud van die teks wat hulle hardop in hul groepe gelees het. Onderwyl leerders gelees en gepraat het, het hulle persoonlike interpretasies en individuele reaksies op die inhoud van die teks uitgeruil, wat teweeggebring het dat sulke onderrig beskryf is as transaksionele onderrigstrategieë, aangesien dit die leser se wisselwerking met die inhoud van die teks beklemtoon (Pressley & Wharton-McDonald, 1997:9).

Die leerder en die onderwyser bepaal gesamentlik die strategie wat gebruik gaan word om die inhoud van die teks te verstaan. Hoewel die onderwyser besondere idees het oor wat bespreek gaan word en hoe die bespreking gaan verloop, beïnvloed die leerders se behoeftes en leesbegrip die inhoud van die onderwyser se onderrig. As 'n leerder nie verstaan nie of die bespreking gaan in 'n ander, maar nuttige rigting, staan dit die onderwyser vry om die taktiek te verander.

Onderwysers wat die Transaksionele Strategie-onderdigbenadering volg, glo dat leerders wat hulle eie kennis van leerareas saamstel, eerder as om daarin onderrig te word, groter eienaarskap daarvan neem. Hulle vertrou dat die leerder vanselfsprekend sal weet hoe

om die kennis te gebruik wat geskep is, en ook hoe om die leesstrategie van een leerarea in 'n ander te benut. Die benutting van leesstrategieë gee aan die leerder die geleentheid om 'n diep persoonlike begrip van die intellektuele proses te verkry (Pressley & Wharton-McDonald, 1997:12). Tot in dié stadium behoort onderwysers die ontdekking van strategiese prosedures te beklemtoon bo uitdruklike onderrig, en dat hul onderlinge verhouding van die individuele program verskil.

Sekere konstruktivistiese teoretici kritiseer strategie-onderrig deur te sê dit :

1. verskaf bloot 'n massa inligting wat deur leerders geabsorbeer moet word,
2. verdeel die inhoud op 'n kunsmatige wyse, sodat dit nie meer holisties is nie, en
3. is nie kind-sensitief nie (DuCharme, Earl & Poplin, 1989; Poplin, 1988a, 1988b).

Pressley (2001) reageer daarop deur aan te dui dat die doel van die Transaksionele Strategie-onderrigbenadering is om leerders te lewer wat goeie lesers is. Soms is dit nodig om strategieë aan te leer in isolasie sodat leerders hulle aaneenlopend kan gebruik wanneer hulle lees en die verskillende prosesse kan verbaliseer wat kan help om die hele inhoud te verstaan. Goeie strategie-onderrig moedig die gebruik van meervoudige prosesse in die begrip van lewensgetroue tekste aan; die holistiese doel van die konstruktivis (Pressley *et al.*, 1992; 2001). Onderwysers bespreek individuele leerders se strategieprobleme met hulle in dieselfde gesprekformaat as wat in portuurgroepbespreking gebruik is en sodoende help hulle die leerders om 'n begrip van die strategieë te ontwikkel en hoe om dit te gebruik. Die behoefte van individuele leerders word dus aangespreek (Pressley & Wharton-McDonald, 1997; Allen, 2003:325-326).

2.2.2.2 Empiriese navorsing

Navorsing oor transaksionele strategie-onderrig is gegrond op die hipotese dat langtermynonderrig wat geheue en begripstrategieë koördineer met interpreterende prosesse vaardige lesers tot gevolg sal hê. Die basiese begrip van transaksionele strategie-onderrignavorsing sluit die gedagte in dat ingryping en navorsing oor 'n lang tyd

geskied, anders as die wederkerige onderrigbenadering, wat in die algemeen oor 'n tydperk van tussen twee of drie weke en twee of drie maande gebeur. Daarom is transaksionele strategie-onderrignavorsing dikwels in die vorm van etnografieë, etnografiese onderhoude, langtermyn gevallestudies en ontleding van klaskamergesprekke (Pressley & Wharton-McDonald, 1997). Onderwysers stel slegs 'n paar nuwe strategieë op 'n slag bekend, terwyl bekendstelling van nuwe strategieë oor 'n lang tydperk strek. Onderwysers modelleer die gebruik van die strategieë en hulle verduidelik hul denkprosesse mondeling. Onderwysers verduidelik uitdruklik aan leerders die waarde van die strategieë wat geleer word, insluitend waarom dit prestasie ondersteun en wanneer dit gebruik kan word (Pressley *et al.*, 1992).

Onderwysers verskaf terugvoering oor leerders se vordering in die beoefening en toepassing van strategieë, insluitende gestruktureerde verduidelikings wat op individuele probleme gevestig is. Hulle wys studente hoe om strategieë wat aangeleer word in ander situasies te gebruik, verskaf wenke oor wanneer om oor te skakel en gee terugvoering wanneer oorskakelgeleenthede nie benut is nie. Onderwysers probeer akademiese motivering op 'n hoë vlak hou. Hulle moedig nadenke as 'n gewoonte aan, asook beplanning voor beantwoording van vrae (Anderson, 1992; Pressley *et al.*, 1992:514; Pressley & Afflerbach, 1995; Pressley & Wharton-McDonald, 1997).

Transaksionele strategie-onderrigbenaderingstudies sluit oor die algemeen die volgende in: (a) voorspelling gegrond op voorkennisaktivering, (b) bevraging, (c) verduideliking, (d) beeldspraak, (e) koppel voorkennis met teksinhoud en (f) opsomming (Pressley & Wharton-McDonald, 1997:8).

Een van die vroegste transaksionele strategie-onderrigstudies het van graad 5 en 6 leerders gebruik gemaak, wat drie dae per week in een semester begripstrategie-onderrig ontvang het. Strategieë het ingesluit, maar was nie beperk nie tot, die vind van patrone en beginsels in stellings wat aangewend is in die inhoud, besluitneming ontleding, probleemoplossing, aanpassing van tekstemas en om interpretasies van die teks in groepe uit te ruil. Die resultate het aangetoon dat die leerders wat strategie-onderrig ontvang het dieselfde resultate behaal het as die kontrolegroep in die voortoets. Na strategie-onderrig, het die eksperimentele groep 'n positiewe verskil teenoor die kontrolegroep getoon (Allen, 2003:327).

In 'n kwasi-eksperimentele studie (Brown *et al.*, 1996) is transaksionele strategie-onderrig oor 'n tydperk van een skooljaar in 10 graad twee klasse uitgevoer. In die herfs is vyf klasse wat onderrig in begripstrategieë ontvang het, afgepaar met vyf klasse wie se onderwysers as goed gekwalifiseerde taalonderwysers beskou is, maar wat nie in begripstrategieë onderrig is nie. Lae leespresteerders is in elke klas geïdentifiseer. Die 10 klasse het aan die begin van die jaar nie in begrip- of woordherkenningsvaardighede verskil nie. Teen die lente kon duidelike verskille in die twee groepe gemerk word, wat leerders wat transaksionele strategie-onderrig ontvang het, bevoordeel het. Die transaksionele strategie-onderrigleerders het verder ryker en uiteenloper interpretasies van die tekste gehad, en die transaksionele groep het meer van die inhoud van die daaglikse lesse verstaan en onthou (Brown *et al.*, 1996).

Leesgestremde leerders in grade 6 tot 11 het ook gebaat by die transaksionele strategie-onderrigbenadering (Anderson, 1992; Anderson & Roit, 1993). Leerders is oor 'n tydperk van drie maande in klein groepies onderrig. Nege groepe het die transaksionele strategie-onderrigbenadering gevolg en sewe groepe is as kontrole gebruik. Albei groepe het vordering getoon op gestandaardiseerde begripsmaatstawwe, maar die leerders in die transaksionele strategie-onderriggroep het groter vordering (met ander woorde 'n hoër gemiddeld) getoon. Anderson (1992) was ook van mening dat die strategie-onderrigleerders se bereidwilligheid om te probeer lees en om moeilike leesstof te begryp, verbeter het. Portuurgroepinteraksie in die transaksionele strategie-onderriggroep het leerders gehelp om teksbetekenis te ontdek en daarop te reageer (Brown & Coy-Ogan, 1993; Schuder, 1993).

Casteel, Isom en Jordon (2000) het nie net belanggestel in die uitwerking van transaksionele strategie-onderrig op begripslees nie, maar ook in die beskouinge wat leerders van hulself as lesers het. Leerders met 'n goeie selfbeeld oor hul eie doeltreffendheid en wat hulleself beskou as goeie lesers, het meer gelees en was meer volhardend (Henk & Melnick, 1995). Die deelnemers was 20 graad 4 tot 6 leerders wat by 'n universiteit se somerleeskliniek ingeskryf was. Die studie het die transaksionele strategie-onderrigbenadering gevolg, met die onderwyser wat aanvanklik strategieë omskryf het, rolspel gedoen het, 'n paar belangrike strategieë verduidelik het, benadruk het wat dié strategieë is en hoe en wanneer dit nuttig kan wees. Die onderwyser het

inskerping gedoen deur pertinente vrae te vra, soos: "Hoekom het jy die strategie gebruik? Hoe is dit van waarde?" Daarna het die leerders verantwoordelikheid aanvaar vir die kies en gebruik van strategieë, en het die onderwyser minder ondersteuning verskaf. Die resultate van die studie het getoon dat die transaksionele strategie-onderrigbenadering leerders rakende begripslees help en hul positiewe selfbegrip as lesers ondersteun (Symons *et al.*, 2001).

Die afhanklike veranderlikes vir die transaksionele strategie-onderrigbenadering is dieselfde as dié wat gestel is vir die wederkerige onderrigbenadering: die moontlikheid om vrae en antwoorde op te stel, die moontlikheid om opsommings te maak en die maak van voorspellings en die uitvoering daarvan op 'n gestandaardiseerde begripsleestoets. Die transaksionele strategie-onderrigbenadering poog om te bepaal hoe begripstrategieë in ander leerareas gebruik kan word, hoe leerders verskeie kognitiewe en metakognitiewe bevoegdhede uitbeeld, hoe hulle wys dat teks verskillende betekenis het vir verskillende mense en hoe leerders op dié strategieë reageer (Pressley *et al.*, 1992; Pressley & Wharton-McDonald, 2001).

2.2.3 Die Kognitiewe Akademiese Taalleerbenadering (KATLB)

Hierdie afdeling gaan oor die kognitiewe akademiese taalleerbenadering. Die teoretiese oriëntasie van die (KATLB) asook relevante empiriese navorsing word bespreek.

2.2.3.1 Teoretiese Oriëntasie

Die kognitiewe akademiese taalleerbenadering is deur Chamot en O'Malley (1994) ontwikkel. Hul belangstelling in navorsing oor tweede taal (T2) leerstrategieë het gelei tot 'n begeerte om leerders en onderwysers te help om meer bewus te word van strategieë wat kan lei tot groter sukses vir T2 leerders. Deur verskeie studies kon Chamot en O'Malley vasstel dat die verskille tussen suksesvolle en onsuksesvolle taalleerders minder met spesifieke strategieë te make het en meer met die kies en koördinering van strategieë wat toepaslik vir die taak is (Chamot & O'Malley, 1994).

Die KATLB is op vier teorieë geskoei: (1) konstruktivisme, (2) kognitiewe inligtingverwerking, (3) skemateorie, en (4) sosiaal-kognitiewe teorie (Chamot & O'Malley, 1994; Anderson, 2005).

Die kognitiewe inligtingverwerkingsmodel fokus op die denkprosesse van hoe ons leer en onthou en hoe hierdie inligting in die langtermyngeheue gestoor word. Die model stel voor dat die leer van nuwe inligting kognitiewe verwerking vereis deur die inligting te organiseer, te verwerk, en in te skakel by bestaande kennis. Dit is die rede vir die KATLB se beklemtoning van kognitiewe strategieë soos: opsomming, gevolgtrekkings maak, en om te voorspel wat volgende in die leesteks gebeur. Inligtingverwerkingsteoretici bespreek twee soorte kennis in die langtermyngeheue: verklaringskennis, dit is “knowing that” of “knowing about”, soos byvoorbeeld feite, oortuigings en gebeure, en prosedurele kennis, wat deur oefening geleer word, word geoutomatiseer en bestaan uit weet hoe om iets te doen. Dié twee soorte kennis word verskillend aangeleer (Swanson, 1987:3-6; Charlot & O'Malley, 1994:7).

Kognitiewe inligtingverwerking sluit ook metakognisie in (“om te dink oor dink”) wat sy eie vorme van verklarings- en prosedurele kennis het. In metakognisie het verklaringskennis te doen met die kennis van die eie denkprosesse en die gebruik van strategieë, terwyl prosedurele kennis die gebruik van leesgedrag insluit wat outomaties is en daarom nie meer bewuste strategieë is nie. In die ondersteuning van metakognitiewe denke is dit belangrik om duidelike strategieë te onderrig (as verklaringskennis) om leerders te vertel waar en waarom hulle nuttig is en om leerders voldoende kans te gee om dit te herhaal totdat dit outomaties (prosedurele kennis) word (Anderson, 1983, 1990; Schunk, 1996).

Ingevolge skemateorie, 'n stel begrippe wat aangewend word in die verklaring van kognitiewe inligtingverwerking, vind ware leer plaas as leerders probeer om inligting te organiseer en te verstaan volgens wat hulle reeds weet, hul bestaande kennis (Allen, 2003:330). Voorkennis word gestoor as “concept maps” of skemas met 'n sentrale idee omring deur geassosieerde begrippe. Chamot *et al.* (1999: 158) stel dit dat: “Having a schema, or relevant prior knowledge, allows us to make predictions, visualize events, draw inferences, monitor comprehension, and create summaries”. Die sukses van die T2 leerder op skool is ten nouste verbind met die leerder se moontlikheid om T1 skemas in die tweede taal te benut.

Die sosiaal-kognitiewe teorie sluit in 'n beklemtoning van leerders se motivering en gevoel van selfdoeltreffendheid, die oortuiging dat hulle die vermoë het om te volhard met 'n

gegewe taak (Chamot *et al.*, 1999:158; Allen, 2003:330). Omdat leer nie in 'n vakuum plaasvind nie, het KALTB die sosiale wyse van leer in ag geneem om te verduidelik waarom strategieë slaag en ook hoe dit aangeleer kan word. Leesstrategieë kan selfdoeltreffendheid bou wanneer dit korrek gebruik word en sulke strategieë moedig ook bereidwilligheid en volharding in taakafhandeling aan. Dit is egter nie net die leerder se bereidwilligheid en volharding wat akademiese T2-leer moontlik maak nie. Volgens Vygotsky (1978) ontwikkel leerders effektiewe leergedrag deur onderwysers of ander kenners dop te hou wanneer hulle leertake uitvoer. Die leerders kan besit daarvan neem deur dié gedrag met ondersteuning te oefen totdat hulle in staat is om dit alleen te doen.

KALTB het drie hoofkomponente. Eerstens is die inhoud van die Engels tweedetaalklaskamer dieselfde as dié van die hoofstroomgraadvlakklaskamer. Wetenskap is byvoorbeeld 'n uitstekende vak om mee te begin, want die meeste leerders vind dit interessant en motiverend. Tweedens sluit akademiese taalontwikkeling al vier taalvaardighede in: praat, luister, lees en skryf. Dit word in die vakinhoudgebied geleer. So kan leerders begrippe en vaardighede soos analisering, evaluering, verantwoording en oorreding aanleer wat in die akademiese wêreld van die skool deurslaggewend is. Derdens word leesstrategieë eksplisiet onderrig deur "naming the strategy, telling students what the strategy does to assist learning, and then providing ample instructional supports while students practice and apply the strategy" (Chamot & O'Malley, 1994:11). Dié drie komponente vorm deel van 'n vyffase-onderrigvolgorde. Hoewel dié fases selde streng nagevolg word, is dit altyd teenwoordig as nuwe inhoud, taal of strategieë bekendgestel word (O'Malley & Chamot, 1990, Oxford, 1990; Chamot & O'Malley, 1996):

1. *Vorbereiding* word gebruik om leerders bewus te maak van hul voorkennis van die vak en die strategieë wat hulle reeds gebruik (metakognitiewe bewuswording). Dit maak die onderwyser ook bewus van die onderrigbehoefte in die klaskamer.
2. *Aanbieding* fokus op die oordrag van nuwe inligting met die gebruik van betekenisvolle inhoud met baie visuele hulpmiddele en demonstrasies. Onderwyseruitbeelding/rolspel is baie belangrik in dié fase.

3. Tydens die *oefeningsfase* gebruik die leerders nuwe inligting op verskeie wyses, met mondelinge en geskrewe akademiese taal en pas strategieë toe in klaskameraktiwiteite, en werk gereeld in samewerking met maats.

4. *Evaluering* stel leerders in staat om metakognitiewe bewuswording van hul prestasies en leerprosesse te ontwikkel.

5. *Uitbreiding* laat leerders toe om dit wat hulle geleer het aan te pas by hul kultuur en die lewe daarbuite (Chamot & O'Malley, 1996).

2.2.3.2 Empiriese navorsing

KATLB-navorsing fokus grootliks op wyses om T2-leerders te help om doeltreffender te leer. Dit ondersoek dus die doeltreffendheid van strategie-onderrig vir lees en ander taalvaardighede binne inhoudsgebiede. Die ontwikkeling van KATLB is gegrond op navorsing op die gebied van taalleerstrategieë van Engels tweede taal- en vreemdetaallearers in akademiese omgewings (Chamot & Kupper, 1989; O'Malley & Chamot, 1990; Chamot 1993; Chamot *et al.*, 1993).

Die ontwikkeling en verbetering van die KATLB is gegrond op navorsing wat gedoen is met taal minderheids- en taalmeerderheidsleerders. Die navorsing het grootliks gepoog om die leerprosesse te begryp wat onderrig vir leerders van Engels as tweede taal, asook vir leerders wat op skool misluk, sal verbeter. In sy studie van immigranteleerders in Kanada, het Cummins (1981; 1984; 1986; 1994) bevind dat leerders gesprekvaardighede in Engels binne ongeveer twee jaar aangeleer het, maar dat hulle 5-7 jaar se blootstelling aan Engels in 'n skool nodig gehad het voordat hulle akademiese sukses behaal het. Cummins dui aan dat beide die moeilikheidsgraad van die taak en die konteks waarbinne die taal gebruik word taalbegrip en produksie beïnvloed. Taal wat deur aanwysings (afhangend van die verband) ondersteun word, is makliker om te verstaan as taal daarsonder. Taal wat vir sosiale interaksie gebruik word en wat oor bekende onderwerpe handel, is makliker om te gebruik as taal wat nuwe of moeilike inligting bevat. Akademiese taal wat in die klaskamer gebruik word, neig om laer konteks- en kognitiewe eise te verg. Dit is dus nie verbasend dat leerders wat 'n tweede taal aanleer meer tyd nodig het om 'n akademiese taal aan te leer teenoor die aanleer van 'n sosiale taal nie. Collier (1987; 1989) het soortgelyke

navorsing met immigranteleerders in Amerika gedoen en nie net Cummins se bevindinge bevestig nie, maar ook gevind dat die ouderdomme waarop leerders in Amerika aankom verband hou met die aantal jare wat hulle nodig het om redelike prestasievlakke in akademiese vakke te behaal. Leerders wat op 12-jarige ouderdom geïmmigreer het, het swakker gevaar as dié wat vroeër die land binnegekom het.

Terwyl dié leerders besig is met die stadige proses om die Engels aan te leer wat vir vakinhoudklasse benodig word, is hul inheemse Engelssprekende eweknieë besig om voort te gaan met toenemend komplekse akademiese kursusse. Beide Cummins (1986) en Collier (1989) het die noodsaaklikheid daarvan bepleit dat volgehoue opleiding deur middel van die leerder se eie taal moet geskied terwyl hulle Engels aanleer. Sodoende sal leerders kan byhou met vakinhoudbegrippe en vaardighede wat in die leerder se eie taal ontwikkel is maklik in Engels omsit. Sodra leerders die taal aangeleer het, kan daar uitdrukking aan genoemde konsepte en vaardighede in Engels gegee word. Daar is egter bewyse dat sodanige oordrag nie outomaties is nie. Onderrig is nodig vir die oordrag (Clark 1979; Mc Laughlin 1990; Grabe, 1991; McLeod & McLaughlin, 1996).

2.2.4 Evaluering van die benaderings

Uit die hoeveelheid en gehalte van navorsing wat gepubliseer is, is dit duidelik dat die aanleer van strategieë, deur watter benadering ook al, die leer van lees- en ander taalvaardighede verbeter. Al die benaderings is ten minste gedeeltelik gegrond op die konstruktivistiese teorie, wat voorstel dat lesers aktief soek en die betekenis van die teks konstrueer. Lesers kan hulle agtergrondkennis (vorige aangeleerde materiaal) in verband bring met wat hulle lees. Twee mense sal nie noodwendig die teks op dieselfde manier vertolk nie. Die transaksionele strategie-onderrigbenadering neem die konstruktivistiese teorie 'n stap verder in die sin dat wanneer leerders in groepe werk, is dit moontlik om hul individuele reaksies tot die teks uit te ruil, persoonlike betekenis oor te dra en groter begrip in groepe te skep. KATLB, deels in die konstruktivistiese tradisie, is ten sterkste gesetel in die kognitiewe inligtingverwerkingsteorie, skemateorie, en sosiale kognitiewe teorie. Leerders begin met dit wat hulle ken, voeg dan nuwe kennis by bestaande kennis deur organisering en uitbreiding. Wanneer leerders hul bestaande kennis organiseer in sentrale idees en geassosieerde konsepte deur leesstrategieë te gebruik, is hulle gereed om dié kennis na 'n ander vak oor te dra en terselfdertyd akademiese kennis, taalvaardighede en

self-bevoegdheid te ontwikkel (Palincsar & Brown, 1984; O'Malley & Chamot, 1990; Pressley, 2001).

Die basiese navorsingshipotese is ook verskillend vir elke onderrigbenadering. Die wederkerige onderrigbenadering toon dat leesbegrip bevorder word deur sekere strategieë te onderrig en dit ná die onderrig te bespreek (Palincsar & Brown, 1984). Die transaksionele strategie-onderrigbenadering skep vaardige lesers deur die langtermynonderrig van begripstrategieë (Pressley, 1997). KATLB help leerders om akademiese taal in inhoudsvakke aan te leer deur gebruik te maak van meervoudige, eksplisiet gemodelleerde strategieë (Chamot & O'Malley, 1994).

Die drie benaderings het ook verskeie onderrigperspektiewe gemeen. Al drie beskou leesstrategieë as basis om teks te verstaan (leesbegrip). Al drie beklemtoon die leerders se bewustheid van kognitiewe en metakognitiewe strategieë vir lees. Al drie erken die sosiale aspekte van leer en gebruik koöperatiewe samewerkende leer as 'n faset van strategie-onderrig. Al drie gebruik direkte modellering en eksplisiete onderrig.

Die vraag ontstaan dus hoe elke soort onderrig kan verskil as so baie aspekte dieselfde is? 'n Oorsig van die drie benaderings toon aan dat elke benadering voortbou op die navorsing wat dit voorafgegaan het. So, byvoorbeeld het Pressley (1997) uitgebrei op die wederkerige onderrigbenadering, omdat hy gemeen het dit was te rigied en voorskriftelik, veral die onderrigvolgorde, wat die buigsaamheid van bespreking inkort, terwyl strategieë ook beperk was. Daarenteen roem die transaksionele strategie-onderrigbenadering op minder beperking op strategieë en op groter leerderdeelname.

Chamot en O'Malley (1996) neem strategieë verskeie stappe verder met KALT. Onderwysers span die vyf fases van voorbereiding, aanbieding, oefening, evaluering en uitbreiding in en dit word ook in inhoudsvakke toegepas. Terwyl die wederkerige onderrigbenadering en die transaksionele strategie-onderrigbenadering ontwikkel is vir slegs lees, vervat KALT al die taalvaardighede en 'n verskeidenheid inhoudsareas. Die wederkerige onderrigbenadering en die transaksionele strategie-onderrigbenadering word primêr gebruik vir T1-lesers, hoewel baie van die beginsels in T2-lees toegepas kan word. Daarteenoor is KATLB op die behoeftes van T2-leerders toegespits.

In die volgende afdeling word leesstrategieë bespreek.

2.3 Leesstrategieë

2.3.1 Definisie

Volgens Carrell (1991) is leesstrategieë van belang omdat dit wys hoe lesers interaksie met geskrewe teks beoefen en hoe strategieë verband hou met leesbegrip. Volgens Carrell (1991) verwys die term “strategie” na aksies wat lesers kies en beheer om die vereiste doel of doelwitte te behaal. Carrell (1991:160) stel dit so: “Strategies may be relatively conscious and non-automatic, or relatively subconscious and automatic.” Volgens Arabsolghar en Elkins (2001:155) is ’n leesstrategie ’n aktiwiteit of ’n reeks aktiwiteite wat leesbegrip steun en dus ’n belangrike rol in lees speel.

Garner *et al.* (1984:301) maak die volgende stelling: “A strategy is a sequence of activities, not a single event and learners may have acquired some of the sequence, but not all.” Garner (1987) dui aan dat die onderrig van ’n leesstrategie aan kinders nie altyd daartoe lei dat hulle dit kan gebruik in kontekste wat anders is as dié waarin hulle dit oorspronklik aangeleer het nie. Metakognitiewe kennis is nodig om hierdie vaardighede oor tyd en in konteks oor te dra. Lesers met ’n breë kennis van strategieë asook wanneer, waar en waarom dit gebruik word, word as strategiese lesers beskou (Paris *et al.*, 1983). Anderson (1991:470) dui aan dat dit nie voldoende is om net verskeie strategieë te ken nie, maar leerders moet die vermoë hê om die strategieë toe te pas. Strategieë is berekende kognitiewe stappe wat gebruik kan word as hulpmiddels om inligting te bekom, te stoor, te herroep en ook as nuwe inligting te gebruik. Navorsing het getoon dat leerders se bewuswording en gebruikmaking van leesstrategieë die volgende kan insluit: welke leesstrategieë om te gebruik, hoe dit gebruik word en wanneer elke strategie gebruik moet word, asook waarom dit gebruik moet word (Anderson, 1991; Chan, 1996; Arabsolghar & Elkins, 2001). Kennis hiervan is baie waardevol vir die leser in verskeie “leesomstandighede” om die toepaslike strategie te identifiseer, te kies en te gebruik. Dit gee ook aan die leerders ’n verskeidenheid strategieë om vóór, tydens en ná die afhandeling van lees te gebruik om die betekenis daarvan te snap.

Die klassifikasie van leesstrategieë word in die volgende afdeling bespreek.

2.3.2 Klassifikasie van leesstrategieë

Leesstrategieë word geklassifiseer volgens die rol wat dit vóór-, tydens en ná afhandeling van leeswerk speel.

2.3.2.1 Voorlees

Chastain (1988) dui aan dat dit die doel van vóórleesaktiwiteite is om die leser te motiveer om te wil lees en hom of haar voorberei om te kan lees. Volgens Ringler en Weber (1984) motiveer vóórleesaktiwiteite lesers om die teks of inhoud te lees. Wanneer hulle gemotiveerd is, kan hulle voorberei word vir die leesaktiwiteit wat hulle dan beter en met minder moeite uitvoer. Leerders wat die selfvertroue het om leesstukke aan te pak, is gretiger om aan leesaktiwiteite deel te neem. Indien hul voorkennis van die onderwerp geprikkel word voordat hulle begin lees, kan dit bydra tot beter begrip (Grabe, 1991; Ur, 1996).

Die volgende voorleesstrategieë word in hierdie afdeling bespreek, naamlik voorspelling, voorskouing, doelwitstelling en aktivering van voorkennis.

2.3.2.1.1 Voorspelling van wat in die teks staan

Chia (2001) dui aan dat die doel van voorspellingsaktiwiteite is, om lesers te help om 'n voorspelling van die teks of inhoud te maak deur 'n proses van bo na onder (top-down) vir leesbegrip. Die volgende elemente word dan gebruik as leidrade: opskrifte, foto's, illustrasies, en sub-opskrifte. Leerders maak hiervan gebruik om te voorspel waaroor die inhoud van die boek gaan. Goeie lesers maak voorspellings gedurende die lees van die storie of verhaal en vind ondersteuning daarvoor in die teks (Robb, 1995). Leerders pas hul idees ook aan na aanleiding van die ontvouing van die verhaal.

Bekwame lesers antisipeer outomaties en deurlopend wat hulle gaan lees voordat hulle begin het. Agtergrond of voorkennis stel goeie lesers in staat om voorspellings te maak. Bekwame lesers dink wesentlik vooruit deur opkomende woorde te antisipeer en deur gedagtes oor wat hulle van die struktuur van die taal weet, wat die onderwerp is en wat die inhoud van die leesstof is. Voorspellings word gemaak en dan bevestig, gekorrigeer of

verwerp, gegrond op wat gelees is. Wanneer lesers niksseggende woorde produseer of woorde gebruik wat nie in die teks pas nie, is dit ooglopend dat daar nie begrip is nie. Leerders behoort te leer dat om risiko's te loop en raaiskote te waag deel van die leesproses is (Marinak *et al.*, 1997).

2.3.2.1.2 Vóórskouing

Vóórskouing is 'n belangrike strategie omdat dit betekenis gee. Die strategie kan vinnig uitgevoer word om die hoofidee te identifiseer of dit kan 'n deegliker proses wees om die hoofidee te gee en om die struktuur van die materiaal te organiseer. Stappe in die voorskoustrategie is om die titel, hoofopskrifte en ook subopskrifte te lees as dit teenwoordig is. Visuele hulpmiddels soos kaarte, grafieke, illustrasies en foto's moet ook in ag geneem word. Lees enige woorde wat in kursief of donkerder gedruk is. Lees die inleiding of opsommings vinnig (Marinak *et al.*, 1997:42).

2.3.2.1.3 Doelwitstelling

Sinvolle lees moet 'n doelwit hê. 'n Doelwit beïnvloed die strategie wat lesers gebruik en wat hulle gaan onthou van die leesstof. Leerders moet gehelp word om hul eie doelwitte te stel. Onvaardige lesers wag altyd dat doelwitte vir hulle gestel word. Wanneer leerders eie doelwitte stel, is daar groter interaksie met beter leesbegrip tussen die leser en die teks. Om doelwitte te bepaal, moet die leser bepaal welke soort materiaal gelees word, moet weet waarvoor dit gaan en op grond van dié inligting die beste doelwitte kies (Marinak *et al.*, 1997).

2.3.2.1.4 Aktivering van voorkennis

Baie leerders lees 'n deel sonder identifisering van die opskrif of lees sonder om oor die onderwerp te dink. Leerders is moontlik nie bewus van wat hul reeds weet nie en dit is 'n essensiële faktor in die verstaan van die materiaal wat gelees word. Die agtergrond of voorkennis wat leerders na die leeshandeling bring is een van die belangrikste faktore wat leesbegrip raak. Vóórkennis stel 'n leerder in staat om tussen die lyne te lees. Leerders moet persoonlike kennis gebruik om die gate in te vul en om inligting te integreer.

Vóórleesaktiwiteite wat agtergrondkennis aktiveer, oriënteer leerders oor die onderwerp en fasiliteer begrip. Onderwysers kan maklik en natuurlik 'n verskeidenheid onderrigtegnieke gebruik om leerders se aandag op hul voorkennis te vestig. Verskeie populêre tegnieke begin deur die vrye assosiëring of "brainstorm" van wat ook al in hul gedagtes mag voorkom. Die bespreking van woorde, frases en verhaaltjies wat in die klas voorkom, verdiep en brei die agtergrondkennis van al die leerders uit en illustreer hoe elke leerder verskillende goed na die gedrukte bladsy bring (Marinak *et al.*, 1997).

Die gaping tussen wat leerders reeds weet en wat hul behoort te weet van 'n gegewe stuk kan baie groot, onsamehangend en verkeerd wees. Navorsing dui daarop dat misverstande en verkeerde inligting problematieser kan wees as geen agtergrondkennis nie (Marinak *et al.*, 1997). Lesers kan die inligting van die teks manipuleer om by hul misverstande te pas en dit gebeur veral by jonger en swak lesers.

Soms is leerders se bestaande kennis ontoereikend en onderwysers behoort hulle te voorsien van bykomende inligting om meer sin aan lees te gee. Een van die maklikste maniere om die nodige kennis oor te dra, is om met leerders te praat en hulle te onderrig. Deur verduideliking, verhaaltjies en 'n verskeidenheid voorbeelde kan onderwysers genoeg agtergrondkennis opbou vir leerders om 'n afdeling te verstaan.

2.3.2.2 Tydens lees

Tradisioneel is dit in leesbegrip onderrig benadruk dat leerders eerder vóór en ná 'n leessessie gehelp moet word pleks daarvan om aan hulle hulp te verleen gedurende die leessessie.

Terwyl vóór- en náleesbesprekings en -aktiwiteite begrip bevorder, fokus onderwysers op wat leerders doen gedurende die werklike leestyd, die tyd wanneer leesbegrip plaasvind. Navorsing het getoon dat doeltreffende leerders vloeiend deur 'n verskeidenheid leesstukke gaan, begrip deurentyd monitor en verseker dat die materiaal sin maak. As die betekenis nie helder of duidelik is nie en begrip faal, gebruik leerders regstellende ("fix up") strategieë om beter begrip te bekom. Onderwysers kan nie aanvaar dat leerders die strategieë onder die knie het nie. Daarom moet onderwysers die strategie wat noodsaaklik is vir die

ontwikkeling van betekenis onderrig, terwyl die leerder in interaksie met die teks is (Marinak *et al.*, 1997:49).

Die volgende tydensleesstrategieë word in dié afdeling bespreek: verkenningslees en vluglees, die maak van afleidings, afleiding van betekenis van woorde in konteks, en die identifisering van hoofgedagtes.

2.3.2.2.1 Verkenningslees en vluglees

Volgens Brown (2002), Nunan (1999) en Hyland (1990) is verkenningslees (scanning) en vluglees (skimming) belangrike tydensleesstrategieë. Deur vluglees stel die leser die doel van die leesstuk vas, asook die boodskap van die skrywer. 'n Voorbeeld hiervan is om leerders te vra om 'n voorspelling van die hele leesstuk te maak, hoewel hulle nie alles gelees het nie (Flowerdew & Peacock, 2001). Volgens Alderson (2000) is vluglees 'n metakognitiewe vaardigheid wat deur goeie lesers gebruik word. Bachman en Cohen (1998) en Flowerdew en Peacock (2001) kom tot die gevolgtrekking dat vluglees die leser help om die algemene trant van die storie te verstaan. Brown (2001) wys daarop dat verkenningslees gedoen word om besondere inligting soos name en datums op te spoor. In tydensleesaktiwiteite monitor leerders hulself oor hul lees met die fokus op belangrike "vaardighede" wat die doel van die lees is.

2.3.2.2.2 Die maak van afleidings

Die leser moet 'n verband kan sien tussen wat die skrywer of outeur sy lesers wil laat verstaan of begryp om afleidings te kan maak. Dit word dus altyd op iets gegrond, soos die outeur se beskrywings, feite, opinies, ondervinding en waarnemings. Inligting wat deur die outeur voorsien word, moet deur die leser begryp word, asook die invloed van meer inligting as wat direk verskaf word. Milan (1995) wys daarop dat om 'n afleiding te maak, beteken dat die leser die afleiding maak uit dit wat voorsien word, dit wil sê daar word tussen die lyne gelees byvoorbeeld 'n ring aan 'n ringvinger beteken nie 'n man is getroud nie – hy kan 'n wewenaar wees. Die implikasie is dus dat leerders wat bewustelik afleidings doen die teks beter verstaan. Afleidings is 'n aksie om te begryp wat bedoel word. Garner (1987:137) sê afleidings is om gegewens in die teks met mekaar te verbind.

2.3.2.2.3 Afleiding van betekenis van woorde in konteks

Sommige lesers het die wanbegrip dat alle woorde betekenis moet hê (Laviosa, 1994). Dit is egter 'n tydsame proses veral wanneer die leesmateriaal baie word. Om dié probleem te bowe te kom, beveel navorsers aan dat opvoeders leerders lei om die betekenis van woorde uit die konteks en leidrade in die gegewe teks af te lei. Grellet (1994:38) beveel die volgende aan:

- Ekwivalensie of gelykwaardigheid: 'n sinoniem word in die teks gebruik.
- Kontras of teenoorgestelde: die woord het die teenoorgestelde betekenis.
- Oorsaak: die betekenis word afgelei uit die oorsaak of rede.
- Gevolg of oorsaak: word afgelei uit die beskrywing van die oorsaak van iets of as gevolg van iets.
- ◆ Doel: die woord word gekoppel aan 'n voorwerp waarvan die betekenis in die teks beskryf word.
- ◆ Verduideliking of illustrasie: die woord word verduidelik of 'n voorbeeld word gegee.
- Veralgemening of spesifikasie: die woord word gebruik in net een spesifieke opsig van die algemene saak of idee genoem in die teks. Dus word spesifieke voorbeelde gegee wat dan veralgemeen word.

2.3.2.2.4 Identifisering van die hoofgedagte in 'n paragraaf

Leerders moet gewoonlik verskeie strategieë aanleer om die belangrikste inligting (hoofgedagte) te kan identifiseer. Volgens Grellet (1994) kan die leser inligting in die teks soek, toepaslike verbande bepaal, en dan aflei wat die hoofgedagte is. Soms is daar geen hoofgedagte nie, maar slegs baie detail. Dan moet die vaardige leser feite kan waarneem wat belangrik is vir die doel van die leesstuk.

Hoofgedagtes is soms temasinne en fokus op die belangrikste gedagtes van die leesstuk of die sentrale gedagte wat die outeur wil oordra. Hoofgedagtes kom meestal in die eerste sin van die paragraaf voor, maar soms ook in die middel of aan die einde van die paragraaf

(Arnaudet & Barrett, 1984). Arnaudet en Barrett (1984:135), dui die voordele daarvan aan om die hoofgedagte te bepaal in paragrawe wat gelees is:

- Wanneer lesers aktief besig is om die hoofgedagte te soek, konsentreer hulle beter. Dit help weer dat hul aandag nie afgelei word deur ander dinge nie. Daar is dus 'n doel in die leeswerk.
- ♦ Aangesien die hoofgedagte baie inligting van die paragraaf bevat, sal lesers meer van die detail kan onthou wat die hoofgedagte ondersteun.
- ♦ Lesers sal hul studie of begrip daarvan bevorder deur die hoofgedagte te vind sodat hulle belangrike inligting kan identifiseer en onderstreep in hul handboeke. Hulle sal ook doeltreffender aantekeninge kan maak.
- ♦ Die leser kan beter skriftelike opsommings maak deur die hoofgedagtes van verskillende paragrawe te vind.

Skrywers skryf hulle gedagtes of idees paragraaf vir paragraaf neer met een hoofgedagte in elke paragraaf. In elke paragraaf is gewoonlik een sin wat die hoofgedagte bevat. Dit vergemaklik die leeswerk. Die leser moet nog die sin bepaal waarin die hoofgedagte is. Hoofgedagtes mag soms indirek wees of slegs geïmpliseer word.

i) Hoe om hoofgedagtes te formuleer wat geïmpliseer word

Dit is moeilik vir die leerder om die algemene strekking van 'n paragraaf te bepaal as die hoofgedagte nie werklik gegee word en daar nie 'n temasin is nie (Grellet, 1994). In sulke gevalle moet die lesers hul eie idees formuleer deur die gegewe inligting te gebruik. Dit is belangrik vir lesers om die hoofgedagte in hul eie woorde te kan formuleer om die sin of paragraaf beter te verstaan. Cortina *et al.* (1989:183) verskaf verskeie wyses waarop die skrywer hoofgedagtes indirek kan gee: Soms moet 'n woord of frase uit 'n ander sin by die hoofgedagte geplaas word; nog 'n manier is om die hoofgedagte in twee verskillende sinne te verdeel; dit kan twee opeenvolgende sinne in een paragraaf wees of aparte sinne; En 'n meer algemene manier is waar die skrywer hoofgedagtes in verskeie sinne aandui en die leser dit moet kombineer. In sulke gevalle moet die leser die hoofgedagte self interpreteer deur hul eie ondervinding en kennis. Hulle moet hulle eie woorde gebruik.

Hoofgedagtes maak in isolasie sin nie (Cortina *et al.*, 1989). Lesers moet die skrywer se argument verstaan en sien hoe sekere idees aansluit by ander idees. Die skrywer gebruik ondersteunende idees hiervoor.

ii) Hoe om ondersteunende inligting te identifiseer

Dit is belangrik dat die leser ondersteunende inligting kan identifiseer om die skrywer se argument te kan volg, asook om te sien hoe een idee by 'n ander aansluit. As elke paragraaf een idee bevat, sal die leerders die res nie as belangrik beskou nie. Dit word juis gebruik as ondersteuning of beklemtoning van die idee en word daarom ondersteunende idees genoem (Murray & Johanson, 1989).

Die volgende is van die voordele wat verkry kan word deur die ondersteunende idees te verstaan (Cretchley & Stacey, 1986:165).

- Dit is makliker om sin te maak van belangrike inligting as die ondersteunende idees begryp word. Materiaal wat begryp word, word ook makliker onthou.
- Leerders word bemagtig om beter notas te neem en hulle handboeke effektief te bestudeer.
- Ondersteunende idees word as vrae in toetse en eksamens gebruik.

Hoewel alle inligting in 'n leesstuk betrekking het op die hoofidee, is sommige ondersteunende idees belangriker as ander. Die belangrikste ondersteunende detail is deurslaggewend vir die leser om die hoofgedagte behoorlik te verstaan. Die res dra slegs by tot interessantheid, kleur en verheldering. Ondersteunende idees is dus ooglopende en ook logiese uitbreiding van die hoofidee. Dit lei die leser tot beter begrip (Arnaudent & Barrett, 1984; Cortina *et al.*, 1999; Murray & Johanson, 1989). Deur die vaardighede te bemeester om hoof- en ondersteunende idees te kan identifiseer sal die leser 'n suksesvoller leser en leerder word. Dit is belangrike stappe tot kritiese denke wat vir 'n leser noodsaaklik is vir interaksie met die leesstof. Dit bied die leser ook die vermoë om belangrike detail of inligting uit te haal en op te som.

2.3.2.3 Na lees

Chastain (1988) dui daarop dat naleesaktiwiteite lesers help om duidelikheid te kry uit 'n leesstuk waar die fokus op betekenis val en nie soseer op grammatika of taalkundige aspekte nie. Naleesstrategieë gee die leser die geleentheid om beter te reageer op die inhoud. Die leser kan ook beter selekteer, uitsoek en relevante inligting vir 'n spesifieke doel weergee. Dit bemagtig die leser om strategieë te ontwikkel om gevolgtrekkings te kan maak, oordele te vel of veralgemenings uit te ken.

Die volgende naleesstrategieë word in hierdie afdeling bespreek, naamlik opsommings en evaluering.

2.3.2.3.1 Opsommings

Na afloop van die lees van 'n leesstuk, vertelling of verduideliking word van die leser verwag om hoofgedagtes te formuleer en dit te voorsien van ondersteunende gedagtes vir hulle besluite. Om dit te kan doen, moet die inhoud verstaan word om te kan vasstel watter gedagtes belangrik is. Garrigus (1999:121) maak die volgende stelling: "A summary is simply a shortened version of an action or communication that still provides the key elements". Vir leerders wat 'n verslag voorberei of studeer vir 'n eksamen is dit belangrik om inligting te selekteer en struktuur daaraan te kan gee.

Becker (1999) wys daarop dat in 'n opsomming die leser sy eie weergawe van die outeur se werk gee deur dit oor te vertel en te parafraseer in sy of haar eie woorde. As 'n leerder 'n goeie opsomming kan skryf, verstaan hy of sy die inhoud goed. Skidell en Becker (1999:140) noem die volgende stappe vir die skryf van opsommings:

- Dink en besluit oor die deurlopende idee of gedagte.
- Teken 'n geheuekaart of 'n raamwerk.
- Skryf die eerste sin waarin die hoofgedagte gegee word.
- ◆ Skryf nou meer sinne waarin die hoofgedagtes en, indien nodig, die belangrike inligting weergegee word.

Garrigus (1999) stel dit dat opsommings meer as slegs 'n meganiese proses is, want dit eis van die leser om te dink en te evalueer wat die outeur geskryf het. 'n Opsomming moet 'n verkorte weergawe wees deur slegs die hoofgedagtes en sleutelgedagtes te behou. Volgens Garrigus (1999:122) beteken dit dat:

- Sommige gedeeltes van die inhoud 'n bietjie verkort kan word of in die geheel aangehaal kan word as dit kort en kragtig is.
- Ander lang voorbeelde of detail mag drasties verkort word of eers uitgelaat word.

Navorsing het getoon dat leerders wat geleer word hoe om verduidelikende teks of inhoud behoorlik op te som, nadat hulle dit gelees het, tot beter begrip en onthou van inligting in staat was (Bean & Steenwyk, 1984; Rinehart, Stahl & Erickson, 1986; Taylor & Beach, 1984).

2.3.2.3.2 Evaluering

'n Tendens by sommige jonger lesers is om alles te glo en te aanvaar wat geleer word. Hulle aanvaar die inligting wat aangebied word gedweë sonder om dit te evalueer of hoegenaamd daarop te reageer. Lesers behoort krities teenoor die teks te staan, sodat hulle aktiewer deelnemers in die leesproses kan word. Evaluering of opinie is die finale stap om wisselwerking met die teks te hê. Dit is nie 'n enkele holistiese strategie wat presies gedefinieer en geïllustreer kan word om gedrukte materiaal te evalueer nie. Dit bestaan uit verskeie moontlike dimensies of vaardighede wat oorvleuel of onderling verbind is:

- Bepaal die outeur se doel en mening
- Onderskei feite van opinie
- Onderskei fantasie van realiteit
- Bepaal geldigheid
- Bespeur propagandategnieke
- Oordeel taalgehalte
- Kom tot betekenisvolle opinies (Marinak *et al.*, 1997:50).

Die volgende afdeling fokus op faktore wat die gebruik van leesstrategieë beïnvloed.

2.4 Faktore wat die gebruik van leesstrategieë beïnvloed

Die aanleer van 'n taal vind nooit in 'n vakuum plaas nie, maar dit word beïnvloed deur omstandighede en persoonlike faktore, onder meer kognitiewe leerstyle (Stansfield & Hansen, 1983), motivering (Gardner, 1985; Oxford & Nyikos, 1989), geslag (Ehrman & Oxford, 1995) en kultuur (O'Malley & Chamot, 1990).

2.4.1 Leerstyle van leerders

Die term leerstyle verwys na iemand se algemene benadering tot leer en probleemoplossing (Reid, 1995; 1997). Leerstyle is "relatively stable indicators of how learners perceive, interact with, and respond to the learning environment" (Keefe, 1979:4). Dunn en Griggs (1988:3) sê: "Learning style is the biologically and developmentally imposed set of characteristics that make the same teaching wonderful for some and terrible for others."

Volgens Nam en Oxford (1998) word die voorkeur van leerstyl deur 'n leerder se keuse van leerstrategieë gevorm, met ander woorde 'n leerder wat visueel sterker is, sal gebruik maak van aantekeninge en 'n raamwerk (bv. Begripskaart). 'n Leerder wat auditief sterker is, sal meer gebruik maak van byvoorbeeld die opneem van inligting op band of kasset en tuis daarna luister. 'n Leerder wat analities sterk is, sal inligting verkort en akkuraat uitmekaar haal. 'n Leerder wat 'n meer globale styl het, sal die hoofgedagte so vinnig as moontlik probeer vind, sonder om te veel aandag te skenk aan fyner detail.

Dreyer (1998) identifiseer die volgende belangrike wyses met betrekking tot leerders se perseptuele voorkeure. Visuele leerders fokus op visualisering of visuele stimulasie soos om 'n verband te skep tussen klank en beelde, breinkaarte te maak, flitskaarte te gebruik, om te onthou waar nuwe woorde op 'n bladsy voorkom, om te kyk na tweedetaalmedia, om notas of briewe in die tweede taal te skryf en om te vuglees en dan terug te gaan. Ouditiewe leerders verkies strategieë wat gesprekvoering aanmoedig waartydens hulle auditief gestimuleer word soos om te probeer praat soos die moedertaalspreker, om die klanke van die taal te oefen, om gesprekke in die tweede taal aan te knoop en om op die uitkyk te wees vir geleenthede vir gesprekvoering, om saam met ander te oefen, om 'n moedertaalspreker te vra vir hulp en om vrae in die tweede taal te vra. "Hands-on" leerders

verkieë strategieë wat beweging insluit, soos rympies, uitbeelding van woorde, raaiwerk en om gebare te maak.

Ekstroverte leerders gebruik strategieë wat verband hou met sosialisering en samewerking, soos om gesprekke in die tweede taal te inisieer, gespreksgeleenthede te soek, saam met ander te oefen en om vrae in die tweede taal te vra. Introverte leerders sal dié soort aktiwiteite vermy. Hulle verkies om in die tweede taal te lees vir plesier en om te vluglees en dan terug te gaan. Intuïtiewe leerders verkies om 'n globale indruk van die leesstuk te kry en dan gebruik hulle strategieë soos raaiwerk, voorspelling na aanleiding van detail, kompenseringstrategieë en om daarvoor te gesels. Leerders wat in konkrete volgorde en analities dink, is geneig om dieselfde soort strategieë te gebruik. Hulle fokus veral op detail, struktuur, en die analise van woorde en sinne en die samestelling daarvan. Leerders wat afsluitinggeoriënteerd is, hersien lesse en gebruik gereeld metakognitiewe strategieë, insluitend die behoefte aan duidelikheid, beplanning en ondubbelsinnigheid (Oxford, 1989; Rossi-Le, 1996; Ehrman, Lou Leaver & Oxford, 2003).

2.4.2 Motivering

Volgens Guthrie *et al.* (2000) is lees inspannend en sluit dit onder meer keuses en motivering in wat fundamenteel belangrik is vir leesbegrip. Leesmotivering het verskeie fasette wat uit onder meer selfwerkzaamheid, doelwitstelling wat tot prestasie sal lei, waardes en innerlike en uiterlike motivering bestaan. Hierdie motiverende prosesse word gesterk en gerig op kognitiewe strategieë wat noodsaaklik is vir leesbegrip. Kaylani (1996) dui aan dat die mens gemotiveer word deur 'n ingewikkelde stel interverbandhoudende faktore en dit is noodsaaklik om motivering te beskou as 'n grootliks sosiale proses. Faktore wat die individu se motivering beïnvloed, is onder meer geslag, ouderdom, vlak van geleerdheid, houding teenoor die leerproses, verwagtinge, belangstellings en behoeftes.

Die veronderstelling is dat wat leerders van hulself glo of dink hul mate van effektiewe doelwitstelling en motiveringspatrone sal beïnvloed. Dit sal dan weer 'n invloed hê op hul houding teenoor leer en die strategieë wat hulle sal gebruik (Pintrich, 1989; Pintrich & De Groot, 1990). Gegrond op die algemene verwagtingswaarderaamwerk, bestaan die motivering van leerders uit drie komponente: gevoel, verwagting en waarde. Verwagting

verwys na wat hulle van hulself dink of glo oor hul vermoë om 'n werkstuk te voltooi. Waarde verwys na hul eie doelwitte met die werkstuk, asook hul beskouing van die belangrikheid, gebruikswaarde en belangstelling in die werkstuk. Gevoel of die affektiewe is die emosionele reaksie van die leerder op die werkstuk, byvoorbeeld toetsangs (Garcia & Pintrich, 1995). Pintrich *et al.* (1989) het bevind dat die leerder se geloof in sy eie selfwerkzaamheid (verwagtingskomponent) en innerlike waardes (waardekomponent) albei positief verband hou met die gebruik van kognitiewe strategieë (byvoorbeeld uitbreiding en herhaling), metakognitiewe strategieë (byvoorbeeld beplanning en monitering) en inspanningsbestuur, (byvoorbeeld uithouvermoë en konstante ywerige werkvermoë). Hierteenoor word leesangs (n belangrike affektiewe komponent) negatief verbind met drie aspekte van selfgekontroleerde lees. Met ander woorde leerders met meer selfvertroue in hul eie vermoëns (die oortuiging dat hulle doeltreffender is wanneer hulle lees en leer) sal gewoonlik ook meer betrokke wees by hul werk op 'n kognitiewe vlak, en sal hul pogings geredeliker toets om sodoende hul denke en werk te kontroleer.

Chan en Lan (2003) beklemtoon dat hoewel die vermoë om leesstrategieë te gebruik die sterkste verband met leesbegrip toon, fasiliteer intrinsieke motivering en strategieattribusie leesontwikkeling deur die positiewe verband met strategiegebruik. Goed gemotiveerde leerders maak gebruik van verskeie strategieë wat die aanleer van 'n taal meer vergemaklik. Prestasie motiveer leerders om te verbeter en wakker hul belangstelling in die werk aan. Gemotiveerde leerders is meer kreatief, kan die einde van 'n verhaal beter voorspel en deel hul menings geredeliker.

Navorsing toon dat daar 'n noue verband tussen kognitiewe en motiveringsfaktore is, sowel as tussen motiveringsfaktore en leerders se leesbegrip (Borkowski, 1992; Licht, 1993; Shell, Colvin & Brining, 1995; Guthrie *et al.*, 1996; Van Kraayehoofd & Schneider, 1999). Dit blyk dus dat motiveringsfaktore ingesluit behoort te word by kognitiewe faktore om 'n geheelbeeld van leesbegrip te verkry (Borkowski *et al.*, 1995, Guthrie & Wigfield, 2000).

2.4.3. Geslag

Geslagsverskille beïnvloed ook die keuse van taalleesstrategieë. Dreyer (1992) sê dit kan nie bloot geïgnoreer word nie, maar die teorie en praktyk verdien om ondersoek te word. Oxford (1990), Oxford en Nyikos (1989), en Dreyer (1992) het vasgestel dat dogters meer

gebruik maak van taallesstrategieë as seuns. Politzer (1983) het ook bevind dat dogters meer gebruik maak van sosiale leesstrategieë en formele reëlgerigte praktykstrategieë as seuns.

Volgens Kaylami (1996) bestaan daar geslagsverskille op verskeie gebiede van menslike, sosiale en kognitiewe ontwikkeling. 'n Uitgebreide verslag het geslagsverskille soos volg uitgewys: dogters stel meer belang in sosiale aktiwiteite as seuns. Dogters verkies weer minder aggressiewe interaksie as seuns. Dogters is minder mededingend en meer selfwerkzaam as seuns (Oxford, 1993a). Ander studies dui aan dat dogters 'n groter begeerte het om goedkeuring te verkry deur beter punte te behaal en beter sosiale gedrag te toon as seuns (Nyikos, 1990; Oxford *et al.*, 1988). Dogters toon groter vermoë om korrek te artikuleer, vlot te praat en langer en ingewikkelder sinne te gebruik as seuns (Oxford, 1993; 1994; 1994a). Dogters behaal beter punte in mondelinge werk en lees, veral vanaf elf jaar en ouer, as seuns (Slavin, 1988).

Taguchi (2002) se studie van geslag en motivering toon dat die keuse van taalleerstrategieë belangrik is. Hy vind dat geslag, en motiveringsvlakke van leerders van die belangrikste faktore was wat die keuse van taalleerstrategieë bepaal. Hy vind ook dat dogters 'n groter verskeidenheid van taalleerstrategieë gebruik, as seuns, in Japan.

Verskeie redes word aangevoer vir die beter prestasie van dogters bo seuns in die gebruik van taallesstrategieë. Volgens Nyikos (1990) verbeter die skoolomgewing en rolmodelle die huidige geslag se prestasie in spesifieke leerareas. Eccles, Adler, Futterman, Goff, Laczela en Meece (1983) bevind dat ouers se houding en geslagsverskille die leermateriaal beïnvloed wat 'n leerder kies en dat leerders, seuns en dogters, beïnvloed word deur die klaskameratmosfeer en onderwysstyl. Eccles *et al* (1983) bevind dat waar klaskamerkompetisie gebruik word, asook waar baie drilwerk en praktiese oefening plaasvind, vaar die meisies beter. Hulle het meer selfvertroue en staan meer positief teenoor die leerarea as seuns. Seuns vaar weer beter waar hulle hande kan opsteek en die onderwyser voor die klas staan, ongeag die geslag van die onderwyser. Klaskamers waarin onderrigsaamewerking en probleemoplossing in kleiner groepe gedoen is, word as voordelig bestempel vir dogters en seuns. Politzer (1983) se studie van taallesstrategieë het getoon dat dogters aansienlik meer betrokke raak by die aanleer van 'n tweede taal deur sosiale interaksies met ander buite die klaskamer as seuns. Samevattend kan gesê

word dat in die meeste studies van taallesstrategieë bevind is dat dogters beter as seuns presteer in die gebruik van algemene en spesifieke taallesstrategieë.

2.5 Die verband tussen die gebruik van leesstrategieë en leesbegrip

Verskeie studies (Laviosa, 1994; Dreyer, 1998; Arabsoghar & Elkins, 2001; Kozminsky & Kozminsky, 2001) toon dat daar 'n positiewe verband is tussen die gebruik van leesstrategieë en leesbegrip.

Lesers met 'n verskeidenheid strategieë en wat weet wanneer, waar en waarom dit gebruik word, word beskou as strategiese lesers (Arabsolghar & Elkins, 2001). Goeie lesers kies leesstrategieë om verskillende soorte materiaal te lees om sodoende kennis te bekom en hul begrip te monitor en te evalueer (Palincsar & Brown, 1984; Lorch & Klusewitz, 1993; Pressley & McCormick, 1995; Zwaan & Brown, 1996). Dus lees hulle op verskillende wyses en om verskillende redes, byvoorbeeld wanneer hulle vir 'n toets lees, sal hulle stadiger en intensiewer lees as wanneer hulle vir die pret lees of vir algemene begrip. Daarteenoor kan dit wees dat swak lesers misluk omdat hulle nie oor die nodige leesstrategieë beskik nie. Hulle sal nie kognitief kan verstaan nie. Hulle sal selde vorentoe en terug kyk om die teks te monitor en seker te maak dat hulle verstaan (Palincsar & Brown, 1984; Paris, Wasik & Turner, 1991). In 'n bespreking van die prosesse wat begrip bevorder en tot doeltreffende lees van die teks lei, lys Brown, Palincsar en Armbruster (1994:133) ses aktiwiteite wat die basis vir die leser se kennis van strategieë voorsien: duidelikheid van die doel van lees, aktivering van relevante agtergrondkennis, kennisname en fokus op die belangrike inhoud, kritiese evaluering van die inhoud, kontrolering van aktiwiteite en bereiking van afleidings of gevolgtrekkings. Gebruikmaking van dié aktiwiteite verseker dat leerders hul leeshandeling reguleer om sodoende leesbegrip te bevorder (Brown & Day, 1983; Loranger, 1997).

Die meeste studies toon dat swak lesers nie leesbegripstrategieë kan toepas nie (Ryan, 1981; Brown & Palincsar, 1982). Brown *et al* (1994) het in hul navorsing leerders in vier strategieë onderrig, naamlik opsomming, vraagstelling, duidelikheid en voorspelbaarheid. Hulle gebruik 'n wederkerige onderrigbenadering en wys op 'n buitengewone verbetering in die leesbegrip van die lesers. Gajria en Salvia (1992) het 'n studie gemaak van moontlike hulp aan leerders met leerprobleme deur hulle te help om opsommings te maak en

teksbegrip te verbeter. Hulle het bevind dat die aanleer van die opsommingstegniek, leesbegrip in verduidelikende teks bevorder. Dit het leerders oor 'n tydperk gehelp om beter te begryp en hulle het die tegniek ook meer algemeen toegepas.

Oakhill en Patel (1991) het gevind dat swak lesers nie gevolgtrekkings kan maak of verskillende idees van die teks kan saamvoeg om 'n akkurate uitbeelding te maak van dit wat hulle gelees het nie. Al sou swak lesers die woorde korrek verstaan, wy hulle nie aandag aan die betekenis van die gelese gedeelte nie. Hulle verbind ook nie wat hulle lees met eie voorkennis nie en kontroleer ook nie of hulle verstaan wat hulle lees nie (Bos & Vaughn, 1994). Leerders wat dit moeilik vind om gelese teks te verstaan, moet uitdruklik geleer word hoe om toepaslike strategieë toe te pas sodat hul leesbegrip bevorder kan word.

2.6 Samevatting

Navorsing het getoon dat leerders se bewuswording van die leesproses, doel en strategieë beskou word as 'n integrerende komponent van lees (Arabsolghar & Elkins 2001; Kozminsky & Kozminsky, 2001). Navorsing het ook getoon dat daar 'n verband tussen leesstrategieë en leesbegrip is. Terwyl vaardige lesers weet hoe om effektief van strategieë gebruik te maak om 'n verskeidenheid kognitiewe prosesse aan die gang te sit wat sal lei tot die beter begrip van die teks, lees swak lesers die teks woord-vir-woord, sonder die gebruikmaking van enige strategieë (Chan & Lan, 2003). Volgens Cohen (1990) is daar toenemende konsensus dat leesbegrip verbeter wanneer leesstrategieë meer bewustelik gebruik word. Gepaardgaande beveel strategienavorsing aan dat leerders wat minder vaardig is hul vaardigheid kan verbeter deur strategieë te oefen wat deur suksesvolle leerders toegepas word.

HOOFSTUK 3

LEESSTRATEGIEONDERRIG

3.1 Inleiding

Navorsing toon dat "reading comprehension instruction takes the mystery out of the reading process, helping students assume control" (Raphael, 2000: 76). 'n Oorsig van die literatuur oor leesbegrip onderrig toon ook aan dat daar nog nie voldoende konsensus is oor verskeie aspekte binne leesbegrip onderrig nie (NRP, 2000). Die doel van dié hoofstuk is om twee kernvrae in leesstrategie-onderrig aan te spreek, naamlik watter leesstrategieë moet onderrig word en hoe leesstrategieë onderrig moet word.

3.2 Watter leesstrategieë moet onderrig word?

Die kies van leesstrategieë is 'n komplekse taak omdat dit deur meer as een faktor gerig word. Verskeie leesstrategieë is al voorgestel, maar net sommige is effektief genoeg bewys vir leesbegrip. Volgens Pressley *et al.* (1989) is die voorgestelde strategieë die strategieë wat deur navorsing ondersteun word. Pressley *et al.* (1984:4) dui aan dat "not all strategies recommended in the literature have been evaluated adequately, and many have not been evaluated at all. Some have been studied and continue to be recommended, despite scientific evidence that they do not produce memory or comprehension gains." De La Paz (1998) wys daarop dat elke voorgestelde strategie formeel geëvalueer moet word om effektief te wees vir die verbetering van leerders se leesbegrip. Die samestelling van die leesstrategieë moet geïnspireer word deur hedendaagse leesnavorsing en herhaaldelik gebruikte strategieë in spesifieke strategie-onderrigprogramme (Palinscar & Brown, 1984; Brown *et al.*, 1996; De Corte *et al.*, 2001). Sulke navorsing behoort inligting oor strategieë aan opvoeders te voorsien, sodat hulle korrekte besluite kan neem oor watter strategieë onderrig moet word.

Ellis (1994:558) het bevind dat die meeste navorsing oor leesstrategieë "has been based on the assumption that there are 'good' learning strategies". Ehrman *et al.* (2003) stel dit dat 'n gegewe strategie nie goed of sleg is nie, maar dat dit neutraal is

toddat dit in konteks beskou word. Ehrman *et al.* (2003:315) dui aan dat 'n strategie in die volgende omstandighede bruikbaar is: 1) die strategie hou verband met die taal wat aangeleer word 2) die strategie pas by die leerder se leerstyle, en 3) die leerder wend die strategie effektief aan en verbind dit met ander relevante strategieë. Volgens Ehrman (1996) moet leesstrategieë gekies word vir die eise van die leertake en leerders se leerstyle. Ehrman (1996:185) stel dit dat "there is no cookbook of learning strategies."

Pressley *et al.* (1995) dui aan dat leerders leer om strategieë te gebruik soos die behoefte ontstaan en wanneer 'n spesifieke opdrag dit vereis. Oxford (1994:3) noem dat "strategies should be chosen so that they mesh with and support each other and so that they fit the requirements of the language task, the learners' goals, and the learners' style of learning." Graham (1997:170) stel dit dat onderwysers wat die onderrig van strategieë goed deurdink en bepaal welke strategieë die geskikste vir 'n spesifieke taak is, suksesvoller sal wees in die ontwikkeling van strategiebevoegdheid by hul leerders.

Navorsing toon dat die volgende strategieë in die voorleesfase gebruik kan word, naamlik die stel van doelwitte, soek na 'n geskikte teks of boek, aktivering van voorkennis, identifisering van die opskrif van die teks en bepaling van die soort teks (Aarnoutse & Schellings, 2003:393). Die agtergrond of voorkennis wat leerders na die leeshandeling bring, is een van die belangrikste faktore wat leesbegrip beïnvloed. Voorkennis stel leerders in staat om tussen die reëls te lees (Rand Reading Study Group, 2002). Daar moet ook 'n doelwit wees en 'n relevante teks of leesstuk om die voorkennis van die leser te aktiveer (Aarnoutse & Schellings; 2003:393).

Navorsing toon dat die volgende strategieë in die tydensleesfase gebruik kan word, naamlik assosiasie met dele van die teks, afleiding van betekenis van moeilike woorde en die identifisering van die hoofgedagte van die teks (Aarnoutse & Schellings, 2003:393). Volgens Brown (2002) Nunan (1999) en Hyland (1990) is verkenningslees "scanning" en vluglees "skimming" belangrike tydensleesstrategieë. Deur vluglees stel die leser die doel van die leesstuk vas, asook die boodskap van die skrywer. Om afleidings te maak, moet die leser 'n verband kan sien tussen wat die skrywer of outeur sy lesers wil laat verstaan of begryp. Sommige lesers het die wanbegrip dat alle woorde betekenis moet hê (Laviosa, 1994). Dit is egter 'n tydsame proses veral wanneer daar baie leesmateriaal is, daarom beveel navorsers aan dat opvoeders die leerders lei om die betekenis van woorde uit die konteks en leidrade in die gegewe teks

af te lei. Leerders moet gewoonlik verskeie strategieë aanleer om die belangrikste inligting (hoofgedagte) te kan identifiseer. Volgens Grellet (1994) kan die hoofgedagte uitgelig word deur verbande tussen inligting te trek om tot 'n gevolgtrekking te kom.

Navorsing toon ook dat die volgende strategieë gedurende die naleesfase gebruik kan word, naamlik voorspelling van gebeurtenisse, evaluering van dele van die teks (byvoorbeeld is die informasie relevant vir die probleem?) en nadenke oor die leesproses (Aarnoutse & Schellings, 2003:393).

Chastain (1988) sê dat naleesaktiwiteite lesers help om duidelikheid te kry oor 'n leesstuk waar die fokus op betekenis val en nie soseer op grammatika of taalkundige aspekte nie. Náleesstrategieë gee die leser die geleentheid om beter te reageer op die inhoud. Na afloop van die lees van 'n leesstuk, vertelling of verduideliking word van lesers verwag om hoofgedagtes te formuleer en dit te voorsien van rugsteunende gedagtes vir hul besluite. Om dit te kan doen, moet die inhoud verstaan word om te kan vasstel welke gedagtes belangrik is. Evaluering of opinie is die finale stap om wisselwerking met die teks te hê. Om gedrukte materiaal te evalueer, is nie 'n enkele holistiese strategie wat presies gedefiniëer en geïllustreer kan word nie. Refleksie is ook 'n strategie wat in die naleesfase ter sprake kom. Dit is 'n leesaktiwiteit met resultate, waaroor weer nagedink is (Aarnoutse & Schellings, 2003:393).

In die volgende gedeelte is die klem op hoe leesstrategieë onderrig moet word.

3.3 Hoe moet leesstrategieë onderrig word?

'n Oorsig van die literatuur toon dat navorsers van verskillende prosedures gebruik maak om strategieë te onderrig. Navorsers soos byvoorbeeld Weinstein (1998) stel die volgende prosedures voor vir die onderrig van leesstrategieë. Die onderwyser stel die strategie bekend en verduidelik hoe dit toegepas kan word om 'n probleem op te los. Daarna word die sleutelemente van die strategie en 'n paar voorbeelde voorgestel. Dit word onmiddellik opgevolg deur oefening en terugrapporteersessies. Die leerder word dus bewus gemaak van die strategie.

Weinstein en Meyer (1991) se prosedure dui daarop dat dit belangrik is om nie net die strategieë te onderrig nie, maar om oefening te voorsien wat gevolg word deur terugrapportering. Wanneer leerders opgelei word in die gebruik van strategieë, moet opvoeders bewuste oefeninge en oefengeleenthede skep.

Modellering is een van die belangrikste maniere om strategieë oor te dra. Die onderwyser gebruik 'n strategie in die leestaak en wys aanhoudend op wat hy/sy doen, en watter strategieë gevolg word. Byvoorbeeld, indien die taak is om 'n gedeelte te lees, vra die onderwyser: Wat wil ons vasstel? Wat moet ons doen om dit vas te stel? Dit is die beplanningsfase. Daarna monitor die opvoeder die taak terwyl dit uitgevoer word: Bereik ons die uitkoms? Onderwyser en leerders dink hardop saam. Indien 'n fout begaan word, word dit gekorrigeer, sodat die leerders ook kan leer om hul lees te reguleer.

Nog 'n voorbeeld van modellering is om 'n kortverhaal te gebruik; die onderwyser modelleer die proses deur lees as 'n weddenskap voor te stel. Die onderwyser stel dit as volg: "Ek wed ..." op 'n kaart voor in die klaskamer, lees die titel van 'n storie van 'n oorhoofse projektor af en maak 'n weddenskap.

Hierna stel die onderwyser die volgende: "Ek weet alreeds dat ..." op die kaart en verduidelik dat 'n mens soms weddenskappe of raaiskote kan maak gegrond op kennis. Lesergefundeerde gevolgtrekkings is gemodelleer. Vervolgens skryf die onderwyser op die kaart: "die teks lui..." en verduidelik dat ons somtyds weddenskappe of raaiskote maak omdat die teks leidrade oor ons weddenskappe bevat. Die onderwyser modelleer teksgefundeerde gevolgtrekkings met die volgende reël van die teks. Dus 'n voorspelling is gemaak en die bron van inligting is gebruik om die weddenskap te verduidelik (Walker, 1990:4). Indien daar verskille is, is die proses om voorspellings te hersien, gemodelleer.

'n Ander kragtige manier om leesstrategieë te onderrig, is deur afrigting, byvoorbeeld na die bekendstelling van die kaart en die modellering se selfvrae, lê die onderwyser deurlopend weddenskappe deur die teks as strategie van voorspelling en hersiening te gebruik en dit tussen leerder en opvoeder af te wissel. Om die onderrighoud te verander, bespreek leerders hul voorspellings in klein groepies van drie leerders. Leerders som die voorspelling in die storie op en herlees die teks en bespreek dan voorspellings en hersienings. Elke groep deel dan hul uitgangspunte en redes daarvoor met die onderwyser en leerders. Soos wat hulle hul denke deel, identifiseer die onderwyser die probleemareas en modelleer alternatiewe denkwyses deur die storie.

Groepsonderrig is nog 'n wyse om leesstrategieë te onderrig. Groepsonderrig is struktureel in die kurrikulum en in die klaskamerorganisasie gegrond en word

gekenmerk deur 'n spesifieke rolverdeling: Een persoon is die onderwyser, terwyl die ander die leerder is (Topping, 1996). Effektiewe groeponderrig word gekenmerk deur voorafgaande onderwyseropleiding (Bentz & Fuchs, 1996). Groeponderrig was suksesvol in 'n verskeidenheid kurrikulumareas en ouderdomsgroepe. Navorsing het positiewe effekte getoon in akademiese prestasies vir onderwyser en leerder (Cohen, Kulik & Kulik, 1982; Greenwood *et al.*, 1988; Fantuzzo, Davis & Ginsburg, 1995; Matches *et al.*, 2001). In dié opsig is groeponderrig nie net die oordra vanaf die meer bevoegde en mees ervare na die minder bekwame nie (Topping, 1996). Dit lyk asof onderwysers meer baat vind deur te onderrig as wat leerders baat by individuele onderrig. (Fitz-Gibbon, 1998). Dit kan toegeskryf word aan die aard van onderrig aan 'n groepsmaat: Onderwysers word uitgedaag om die vak ten volle vanuit verskillende standpunte te oorweeg, om deel te neem aan aktiewe waarneming en sodoende foute te identifiseer en te korrigeer, om hulle eie kennis en begrip te organiseer en te verklaar en om uit te brei op inligting in hul verduidelikings (Fuchs & Fuchs, 2000). Aangesien die toepassing van leesstrategieë aktiewe waarneming oor die leesproses behels, kan groeponderrig beskou word as 'n belangrike leeromgewing vir die aanleer van leesbegripvaardighede. Om die leesproses van 'n ander leser waar te neem, kan die aanleer van selfwaarnemingsvaardighede fasiliteer, en daarom die voldoende toepassing van leesstrategieë bevorder.

Volgens Pressley *et al.* (1992:514) is goeie onderrig van strategieë nie papegaaier nie. Leerders memoriseer nie net stappe en voer dit nie bloot meganies uit nie; strategie-onderrig is nie drilsersante nie. Goeie strategie-onderrig behels veeleerder dat leerders bewus gemaak word van die doel van strategieë, hoekom en waarom hulle werk, en waar en wanneer hulle gebruik kan word.

Die Rand Reading Study Group (2002) beveel die volgende beginsels vir leesstrategie-onderrig aan:

- ◆ Gebruik omvattende waarnemingstrategieë, soos koöperatiewe leer, grafiese organiseerders, lees hoofstukopsommings eerste, vroeë samestelling (byvoorbeeld die verandering van opskrifte in vroeë) begripsamestelling, struktuur van die storie, en opsomming om leerders te help om bewus te word van hul begrip van die leesmateriaal.
- Wanneer leerders in 'n leesaktiwiteit vashaak, laat hulle die teks in verband bring met hul lewe, 'n voorspelling maak, stop en dink oor wat hulle reeds gelees het, hulle

self 'n vraag vra en probeer antwoord, op skrif weergee wat hulle gelees het, dit visualiseer, skrifgebruik aanwend (drukskrif, leestekens, ensovoorts), herroep wat hulle gelees het, herlees, kennisname van patrone in die teksstruktuur en die leesspoed aanpas deur stadiger te lees of vinniger. Dit help ook om die gebruik van spesifieke kognitiewe strategieë te demonstree totdat leerders in staat is om dit onafhanklik te gebruik.

- ◆ Leer leerders hoe om gevolgtrekkings uit hul lees te maak (vra vrae, soek na belangrike leidrade, dink wat hulle weet oor die bewyse en dié inligting gebruik om die oorspronklike vraag te beantwoord).
- ◆ Gebruik verskeie onderrigstrategieë wat verband hou met leesbegrip: vrae op hoër graad wat van leerders verg om buite die teks te dink, help leerders om dit wat hulle lees, te verbind met hul persoonlike lewens, gebruik kleingroepie-onderrig om aan 'n verskeidenheid leesbehoefes te voldoen, bied leesmateriaal op 'n gepaste leesvlak vir elke leerder aan en neem leesprestasie waar.
- Bevorder handboekbegrip, gebruik visuele organiseerders, groeplees, omskrywende opsommings en bevraagteken die outeur deur vóórlees-, tydenslees-, en náleesdoeltreffendheid te verbeter (Strong *et al.*, 2002).
- ◆ Gebruik veelvuldige strategieë om woordeskat uit te brei; bespreek woorde en definisies eksplisiet; stel leerders aan woorde in lees en multimedia bloot; herhaal die gebruik van woorde in konteks wat nuwe woorde verbind met bestaande woordeskat en onderrig woordeskat vóór, gedurende en ná die leesaktiwiteit. onderrig woordeskat direk (byvoorbeeld leer van woorde voordat 'n teks gelees word) en indirek (byvoorbeeld lees of luister na ander wat lees). Laat leerders 'n joernaal hou van definisies van sleutelkonsepte in die inhoudsareas.
- ◆ Versterk die organisering en prosessering van nuwe woordeskat deur visualisering (grafiese organiseerders, prentjies), induktiewe leer (byvoorbeeld klassifisering van woorde), en groeпоefening. Verbind nuwe woordeskat met bestaande woordeskat deur leerders aan te moedig om assosiasies te bou en genereer voorlopige definisies van nuwe woorde (Strong *et al.*, 2002).

Die volgende algemene punte moet in gedagte gehou word wanneer voorbereiding vir die onderrig van spesifieke leesbegripstrategieë gedoen word:

- ◆ Begin met eenvoudige materiaal (byvoorbeeld makliker leesvlakke) om aanvanklike sukses te verseker. Help die leerder om te oefen deur 'n bepaalde begripstrategie met 'n meer uitdagende teks te gebruik.
- Individualiseer die onderrig deur te besluit (a) welke strategie 'n gegewe groep leerders die meeste sal bevoordeel (b) welke soort selfregulerende prosedure relevant vir elke leerder is en (c) hoe om spesifieke terugvoering aan elke leerder te gee sodat die leerder se vordering met die gebruik van doelwitstrategie en algehele sukses in begripsvermoë van tekste gemonitor kan word.
- Besef dat dit aanvanklik moeilik kan wees om onderrigondersteuning (soos voorsê) uit te faseer, omdat leerders dikwels onseker is of hulle die onderskeie komponente van die strategieë korrek implementeer.
- Leer leerders met leer- en leesprobleme duidelik om enige metakognitiewe strategie wat deur die onderwyser aangedui word, te veraalgemeen. Om leerders te help om 'n gegewe strategie te bemeester en algemeen te gebruik, moet onderwysers leerders leer om hulle vordering te monitor en te beheer (Aarnoutse & Shellings, 2003:391).

Dit is ook belangrik om in strategie-onderrig aanvanklik net een of twee strategieë op 'n slag te onderrig. Nuwe strategieë word slegs geïmplementeer wanneer die voriges goed gevestig is. Die bemeestering van strategie-onderrig kos tyd en leerders se werkverrigting sal nie na slegs een of twee lesse verbeter nie. Dit kan 'n hele paar dae van oefening kos alvorens leerders die strategieë selfstandig kan gebruik. Daar moet ook onthou word dat strategieë nie noodwendig as 'n aparte deel van die kurrikulum onderrig moet word nie en deur leerders slegs te leer hoe om strategiese leesprosedures te gebruik, is nie 'n einddoel op sigself nie. Hulle moet eerder binne konteks geleer word waar en wanneer leesbegrip nodig is. Daar is verskeie strategieë wat almal effektief gebruik word om leerders se leesbegrip te verbeter.

3.3.1 'n Voorbeeld van hoe hiërargiese opsommings onderrig kan word

Leerders blaai eers net deur die hele gekose leesgedeeltes, terwyl hulle noukeurig let op die opskrifte en subopskrifte. Hulle moet dan 'n raamwerk van hul opsomming op gelinieerde papier skep deur gebruik te maak van 'n spesifieke formaat. Dié formaat vereis:

- 'n Spasie aan die bokant van die bladsy vir die hoofopskrif
- Gespasieerde hoofletters onder mekaar vir elke subseksie se teks wat aangedui word deur 'n opskrif
- ◆ 'n Spasie in die linkerkantlyn waarin onderwerpopskrifte geskryf word. Lyne word nou getrek wat verwante subseksies met mekaar verbind.

Nadat hulle 'n raamwerk geskep het, moet leerders die opskrif van 'n onderafdeling van die leesstuk weer lees:

- Hulle kies eers twee of drie woorde uit die subseksie se opskrif wat die onderwerp van die subseksie weergee en gebruik dan hierdie woorde om 'n sin te maak wat die belangrikste idee oor die onderwerp beskryf. Onder die hoofideesin, skryf die leerders dan twee of drie sinne wat belangrike besonderhede oor die onderwerp bevat. Dié besonderhede moet onthou word. Die prosedure word oor elke subseksie van die leesgedeelte herhaal.
- ◆ Nadat die hoofidee en twee of drie ondersteunende sinne wat besonderhede oor elke subseksie bevat, neergeskryf is moet leerders onderwerpopskrifte skep waarmee soortgelyke onderwerpe waar moontlik aan mekaar gekoppel kan word.
- ◆ Leerders skep in hul eie woorde 'n sleutelgedagte vir die hele leesstuk wat dien as 'n hoofopskrif.

Wanneer dié strategie vir die eerste keer onderrig word, moet dit verduidelik en moet grafiese organiseerders en voorbeelde gebruik word. Onderwyser kan leerders inlig dat die rede waarom hulle die hiërargiese opsommingstrategie leer, is dat leerders in Graad 6 en 7, nadat hulle hierdie strategie geleer het, beter in staat was om materiaal op te som. Dié vaardigheid het weer daartoe gelei dat hulle meer inligting kon onthou as leerders wat nie die strategie geleer het nie. Die omskrywing verduidelik ook aan leerders wat deur die gebruik van die strategie bereik word, asook waar en wanneer dit nuttig en bruikbaar kan wees.

Dit is ook belangrik dat onderwysers beplan hoe om leerders te leer om dit wat hulle deur enige van die opsommingstrategieë geleer het, te veralgemeen. Om hierdie proses te begin, moet onderwysers leerders van 'n wye verskeidenheid leesmateriaal

voorsien. Besprekings oor die verskillende situasies waarin die onderskeie strategieë gebruik kan word om hul begripsvermoë te verbeter, moet met die leerders gevoer word (Swanson & De La Paz, 1998).

Leerders kan die opsommingstrategie beswaarlik selfstandig doen, maar dit kan onderrig word. Volgens Friend (2000:320) is daar vier fynere riglyne om leerders te help om op te som, naamlik:

- Opsomming moet kort wees.
- ♦ Dit moet sê wat die belangrikste vir die outeur is.
- Dit word in die leerder se eie woorde geskryf.
- ♦ Dit staaf die inligting van die leesstof.

Stap een in die skryf van 'n opsomming is om aan die bladsy as 'n geheel te dink. Leerders moet leer om die hele bladsy te lees en te dink hoe die dele as 'n geheel bymekaar pas. Leerders moet die einde van die bladsy dieselfde gewig laat dra as die begin daarvan.

Stap twee is om te bepaal wat die hoof- of kerngedagte is. As leerders slegs die onderwerp gee, leer hulle om te die outeur na te praat.

Stap drie is om die ondersteuningsidees te bepaal. Groepeer paragrawe wat verwys na dieselfde aspek van die onderwerp en maak hakies in die kantlyn om elke groep paragrawe te identifiseer. Pen die sentrale idee van elke groep paragrawe neer soos bepaal deur die herhaalde verwysings. Gebruik leerders se herhaalde verwysings na gelang hulle voorstelle maak om die belangrikheid van hul idees (voorstelle) te bepaal. Vrae om te vra: Verwys ander idees na die voorgestelde idee? Is dit sentraal of aan die rand? Praat die outeur voortdurend oor die onderwerp? (Friend, 2000:325).

Stap vier is die skryf van 'n opsomming om werk te kontroleer. Leerders moet seker wees hulle opsomming staaf die idee waarna die hele artikel verwys.

Onderwysers deel in die algemeen in die doelstelling om leerders met lees- en leerprobleme te help. Deur hulle 'n verskeidenheid strategieë te leer en te help om dit onafhanklik te gebruik, ontwikkel leerders 'n arsenaal van benaderings om nuwe tekste te verstaan en te gebruik, ongeag die spesifieke taak of situasie (Swanson & De La

Paz, 1998: 210). Aanhangsel A bevat 'n voorbeeld van hoe die voorspelstrategie aan Graad 7 leerders onderrig kan word.

3.3.2 'n Voorbeeld van 'n leesstrategie-onderrigmodel

Een van die suksesvolste leesstrategie-onderrigmodelle, die Selfregulated Strategy Development (SRSD)-model van Graham en sy kollegas, word kortliks beskryf (Graham, Harris, MacArthur & Schwartz 1991; Harris & Graham, 1992; 1996).

1. **Beskryf doelwitbegripstrategie:** Beskryf die strategie in detail en verduidelik waarom die strategie gebruik moet word, wat dit sal bereik en waar en wanneer die strategie gebruik word.
2. **Aktiveer voorkennis:** Doen hersiening van die inligting wat die leerders voorheen geleer het en wat nodig is om die doelwitstrategie te leer.
3. **Hersien huidige prestasievlak:** Gee terugvoering aan studente oor hul huidige werkverrigtingsvlak en herhaal potensiële voordele van die strategie. Doelwitte en toewyding deur die studente moet saam bereik word.
4. **Modellering van die strategie en selfonderrig:** Demonstreer hoe om die strategie in 'n betekenisvolle konteks te gebruik en maak gebruik van relevante selfbeherende maniere deur hardop dink. Hardopverklarings sluit in "Wat moet ek eerste doen?", "Ek gebruik hierdie strategie sodat ek beter kan verstaan wat ek nou lees", "Ek moet stadiger lees". Dit dui die doel van die prosedures vir die leerders aan, asook hoe om werkverrigting te bestuur.
5. **Samewerkende gebruik:** Skep verskeie geleenthede vir leerders om die strategie en eie instruksie/verklarings as 'n klas in geheel te beoefen, in kleiner groepies of in pare. Monitor leerders se met die gebruik van die strategiestappe. Help leerders in die suksesvolle gebruik van die strategie deur hulle aan te moedig en hulp te verleen om die stappe akkuraat en volledig te voltooi. Dit kan nodig wees om moeiliker aspekte van die strategieë te verduidelik of te demonstreer, afhangende van die leerders se behoefte.
6. **Onafhanklike gebruik en bemeestering:** Geskied nadat vasgestel is dat leerders selfstandig oefen om die doelwitstrategie en eie onderrig/verklarings te gebruik.

Gee deurlopende riglyne, ondersteuning en terugvoering. Verminder geleidelik die hulp totdat elke leerder in staat is om die strategie sonder enige hulp te gebruik.

7. Algemeen: Bespreek daagliks met leerders wanneer dit vir hulle toepaslik is om die strategieë aan te wend. Wanneer samewerkende en onafhanklike praktiese sessies geskied, moet leerders bykomend van verskillende soort materiaal voorsien word sodat hulle kan leer om die strategieë buigsamer te gebruik (byvoorbeeld terugblikke is leersaam oor beskrywings, verklarende teks soos byvoorbeeld wetenskaphoofstukke en lesse oor die reëls van 'n spel (Harris & Graham, 1996).

Dié leesstrategieë voorsien 'n reeks aktiwiteite wat toepaslik is vir die leer van baie begripsvaardighede wat deur leerders op verkillende graadvlakke benodig word. Die SRSD-model vir die onderrig van strategieë is veral nuttig, aangesien bewys is dat leerders met en sonder leerprobleme in verskeie akademiese areas, insluitend skryfwerk en wiskunde, daarby baat gevind het (Swanson & De La Paz, 1998:212).

3.4 Samevatting

Goeie of gevorderde lees is hoogs strategies. Omdat sterk lesers verskeie strategieë koördineer om hul insig en geheue van die teks te verbeter, het strategie-ontwikkeling na vore gekom as 'n belangrike komponent van leesonderrig. Elke strategie wat aangeleer word, moet formeel geëvalueer word om effektief te wees vir die verbetering van leerders se leesbegrip. Leerders gebruik strategieë namate die behoefte in die uitvoering van 'n spesifieke opdrag ontstaan. Strategieë kan trapsgewys onderrig om leerders te ondersteun.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODE

4.1 Inleiding

Die navorsingsmetode vir die studie word onder die volgende opskrifte bespreek:

- Ontwerp
- Proefpersone
- Instrumentasie
- Data-insamelingsprosedure
- Data-analise
- Etiese aspekte

4.2 Empiriese ondersoek

4.2.1 Ontwerp

'n Eenmalige dwarsnitopname-ontwerp is in dié studie gebruik en die deelnemers word slegs eenmalig getoets of gemonitor en data wat sodoende versamel word, bied 'n enkele fotobeeld van in die tyd wat die veldwerk gedoen word. Dwarssnitopnames is algemeen aangesien dit baie ekonomieser as longitudinale studies is. Dwarssnitopnames kan die eienskappe van die steekproef (byvoorbeeld strategiegebruik) op 'n gegewe tydstip beskryf, maar sulke eenmalige studies kan nie die vraagstukke van veranderinge aanspreek nie (Shoemaker & McCombs, 2003:233). Die soort opname wat in dié studie gebruik is, is 'n selfgeadministreerde vraelys wat in 'n groepopset versprei is, asook onderhoude met onderwysers.

4.2.2 Proefpersone

'n Totaal van 240 Graad 3, 5 en 7 leerders in twee laerskole in Pietersburg het deelgeneem aan die studie. Daar is van trossteekproefneming gebruik gemaak om op 'n ewekansige wyse een klas per graad te kies. Die leerders se ouderdomme het gewissel, naamlik Graad 3 leerders vanaf 9-10 jaar, Graad 5 leerders vanaf 11-13 jaar en Graad 7 leerders vanaf 13-15 jaar. Altesaam 133 seuns en 107 dogters en ses onderwysers (een vir elke graad vir elke skool) het aan die studie deelgeneem.

4.2.3 Instrumentasie

Die volgende instrumente is in die studie gebruik:

4.2.3.1 Leerders

'n Leessbegripstrategievraelys wat aangepas is vir Graad 3, 5 en 7 leerders. 'n Voorbeeld van die vraelys wat gebruik is vir Graad 7 leerders is aangeheg as Aanhangel B. Die betroubaarheid van die vraelys is bereken met behulp van cronbach alpha. Die betroubaarheid van die vraelys het die volgende waardes getoon vir strategiegebruik in die vóórlees- (0.80), tydenslees- (0.82) en náleesfase (0.89).

Leerders se gebruik van leesstrategieë is deur die onderstaande skaal geëvalueer:

Hoog	Altyd of bykans altyd gebruik	4.5 - 5.0
	Gereeld gebruik	3.5 - 4.4
Medium	Soms	2.5 - 3.4
Laag	Byna nooit gebruik	1.5 - 2.4
	Nooit of byna nooit gebruik	1.0- 1.4

(Oxford, 1990:30).

Leesbegripstoetse vir Graad 3, 5 en 7 leerders (Aanhangel C, D en E). Dié begripstoetse is deur 'n leeskundige geassesseer vir inhoud en betroubaarheid.

Agtergrondinligting oor leerders (bv. geslag) is van die voogonderwysers verkry.

4.2.3.2 Onderwysers

In dié studie is deelnemende en nie-deelnemende waarneming gebruik. In die eerste waarnemings vir elkeen van die grade is nie-deelnemende waarneming gebruik. Nie-deelnemende waarneming word gedefinieer as die waarneming van aktiwiteite sonder deelname daarin en beperk nie geleenthede om hipoteses te genereer nie (Larsen-Freeman & Long, 1991). In nie-deelnemende waarneming neem die navorser (waarnemer) die waargenome aktiwiteit op of maak notas daarvan sonder die kontrole of leiding van 'n vraelys of 'n ander instrument (Long, 1983:120). Die doel daarvan om data eerstehands te ervaar is om die spesifieke fenomeen of onderwerp wat nagevors word vanuit die perspektief van die deelnemers (dus die onderwysers) te ervaar (Seliger & Shohamy, 1989:120). Hoewel die navorser se teenwoordigheid in die klaskamer die onderwyser se optrede beïnvloed, glo Bowers (1987:143) dat die teenwoordigheid van 'n vreemdeling nie noodwendig die normale patroon van onderrig versteur nie.

Daar is besluit om met die tweede waarneming meer op die onderwysers te konsentreer omdat dit nodig is om akkurate opnames te maak van die leesstrategieë wat onderrig word. 'n Kontrolelyst (Seliger & Shohamy, 1989:163) is saam met die waarneming voorgelê. Van Lier (1988:40) benadruk ook die noodsaaklikheid van 'n stelsel waarop teruggeval kan word indien iets verkeerd loop:

"[Observation]... when combined with recording, transcription and analysis, can be a rigorous method of classroom interaction analysis, one which allows the researcher to be both involved in the classroom and to take a detached, analytical stand for the purposes of description and interpretation."

Onderhoude is ook ná die lesse met die onderwysers gevoer. Die doel van die onderhoude was om meer spesifieke inligting oor hul onderrig van leesstrategieë te bekom. Die voordeel van onderhoude is dat die soort en aantal vrae die navorser bepaal kan word. In die onderhoude was dit ook moontlik om meer diepgaande vrae aan die onderwysers te stel (Shoemaker & McCombs, 2003).

4.2.4 Data-insamelingsprosedure

Die leesbegripstrategievraelys en die leesbegriptoetse is in gewone skoolure in voogklasse afgelê. Die onderwysers het vraag op vraag aan die Graad 3 leerders verduidelik en hulle daarna die geleentheid gegee om self hul keuses uit te oefen. Die toestemming van die skoolhoofde en die ouers is verkry. Die leesbegripstoetse het bestaan uit tien meerkeusige vrae. Die leesbegripstoetse en leesstrategievraelyste is afgelê nadat die navorser aan die betrokke personeel verduidelik het hoe die prosedure werk. Die toetse is in 'n verloop van twee weke afgelê. Dit was 'n bekende omgewing vir die leerders van beide skole en vry van abnormale geraas. Oor 'n tydperk van twee weke is daar klasbesoek gedoen by ses onderwysers van die twee laerskole, een Graad 3, 5 en 7 onderwyseres van elke skool. Die onderwysers kan in vier ouderdomskategorieë ingedeel word: 22-24 jaar, 35 jaar, 42 jaar en 58 jaar. Drie deelnemers was in die ouderdomsgroep 22-24 jaar, een in die 35, een in die 42 en een in die 58 jaarouderdomsgroep. Die onderwysers het bestaan uit 2 mans en 4 dames. Die onderwysers moes 'n les oor leesstrategieë aanbied. Die lesse is ook op band opgeneem. Die duur van die periodes was vyftig minute elk. Onderhoude is onmiddellik na die lesse met die onderwysers gevoer.

4.2.5 Data-analise

Die data deur beskrywende statistiek (bv. gemiddeldes en standaardafwykings) sowel as inferensiële statistiek, naamlik ANOVA en Pearson-produktmomentkorrelasies ontleed. Effekgroottes is bereken om te bepaal of die gemiddelde verskille prakties betekenisvol was aldan nie. Cohen (1977:20-27) se effekgrootte d is gebruik om die verskil tussen twee gemiddeldes te bepaal. Cohen (1977) gebruik die volgende skale vir die d -waardes:

$d = 0.2$ (klein effekgrootte)

$d = 0.5$ (medium effekgrootte)

$d = 0.8$ (groot effekgrootte)

Cohen (1977:77-81) se effekgrootte is gebruik om die verhouding tussen die veranderlikes te bepaal. Cohen gebruik die volgende skaal vir die r -waardes:

$r = 0.1$ (klein effekgrootte)

$r = 0.3$ (medium effekgrootte)

$r = 0.5$ (groot effekgrootte)

Die alfavlak (byvoorbeeld $p < 0.05$) verwys na die moontlikheid van 'n verandering wat kan plaasvind, byvoorbeeld die verskil tussen gemiddeldes. Dit beteken dat daar 'n verskil of verband van die grootte verwag kan word kleiner as 5% (0.05) dat die navorser 'n fout sal maak dat daar wel 'n verskil is as gevolg van die veranderinge. Die alfavlak word gebruik om 'n tipe een-fout te kontroleer. Die alfavlak word tussen $p < 0.05$ of $p < 0.01$ aangedui.

Die alfavlak word meestal gebruik om die statistiese sinvolheid van 'n verwantskap tussen veranderlikes te bepaal, of 'n verskil tussen groepgemiddeldes teenoor Cohen se effekgroottes wat gebruik word om 'n verwantskap, of verskil aan te dui wat praktiese sinvolheid raak.

4.3 Etiese aspekte

4.3.1 Beskerming teen skade

Met dié studie is gepoog om leerders in Graad 3, 5 en 7 aan niks meer as die daaglikse risiko bloot te stel nie. Deelnemers het nie buitengewone spanning ervaar nie en is nie verneder oor die uitslag van hul leesbegriptoetse nie.

4.3.2 Toestemming

Die navorsing het in normale skoolure geskied, nadat skriftelike toestemming van die skoolhoofde verkry is. Leerders is duidelik ingelig oor die aard van die studie en kon self besluit oor deelname. Toestemmingvorme is aan die leerders se ouers gestuur met 'n beskrywing van wat die deelname behels, die aktiwiteite en die duur daarvan. Nadat die ouers die toestemmingsvorme onderteken het, is die leesbegriptoetse in die klas onder leiding van die registeronderwyser afgeleë.

4.3.3 Reg van privaatheid

Leerders wat aan die studie deelgeneem het se reg tot privaatheid is gerespekteer deurdat die resultate van die leesbegriptoetse streng vertroulik gehou is.

4.3.4 Eerlikheid teenoor professionele kollegas

Die navorser rapporteer die bevindings van die leesbegripstoetse op 'n volledige eerlike wyse sonder misleiding en waninterpretasies.

4.4 Gevolgtrekking

In 'n studie soos dié kan 'n verskeidenheid veranderlikes die uitkoms van die navorsing beïnvloed. Die metodologiese oorsig in dié hoofstuk is daarop gerig om 'n presiese beskrywing van die verskeie stappe wat in die navorsingsproses gevolg is, te verskaf om toekomstige herhaalbaarheid te fasiliteer, sowel as om 'n basis vir die bespreking van die resultate in hoofstuk 5 te skep.

HOOFSTUK 5

RESULTATE EN BESPREKING

5.1 Inleiding

In die hoofstuk word die geanaliseerde data voorgestel en bespreek om die navorsingsvrae geformuleer in hoofstuk 1 aan te spreek:

- ♦ Gebruik graad 3, 5 en 7 leerders leesstrategieë? Indien wel, watter leesstrategieë word gebruik en in watter fase (vóórlees-, tydenslees- of náleesfase)?
- ♦ Is daar 'n verskil in leesstrategiegebruik tussen seuns en dogters?
- ♦ Wat is die verband tussen Graad 3, 5 en 7 leerders se leesstrategiegebruik en hul leesbegrip?
- ♦ Onderrig onderwysers in Graad 3, 5 en 7 leesstrategieë? Indien wel, welke leesstrategieë en hoe word dit onderrig?

Ten einde 'n logiese ordening en bespreking te verseker, word die data onder die volgende opskrifte bespreek:

- ♦ Die gebruik van leesstrategieë deur Graad 3, 5 en 7 leerders.
- ♦ Leesstrategiegebruik deur seuns en dogters.
- ♦ Die verband tussen leesstrategiegebruik en leesbegrip.
- ♦ Die onderrig van leesstrategieë.

5.2 Die gebruik van leesstrategieë deur Graad 3, 5 en 7 leerders


Die resultate toon dat die gemiddelde vóórleesstrategiegebruik van die Graad 3 leerders in die kategorie van "gereeld gebruik" val (Oxford, 1990:30). Graad 3 leerders gebruik die skuinslettervóórleesstrategie ongereeld. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat onderwysers nog nie so baie aandag gee aan die struktuur van verskillende tekste nie, maar meer fokus op die stel van doelwitte vir lees, asook die nodige voorkennis vir die leeshandeling. Die gemiddelde vóórleesstrategiegebruik van die Graad 5 en 7 leerders val binne die "soms" of "gereeld" gebruikskategorie (Sien Tabel 1 en Figuur 1).

Hoog	Altyd of bykans altyd gebruik	4.5 - 5.0
	Gereeld gebruik	3.5 - 4.4
Medium	Soms	2.5 - 3.4
Laag	Byna nooit gebruik	1.5 - 2.4
	Nooit of byna nooit gebruik	1.0- 1.4

(Oxford, 1990:30).

Tabel 1: Beskrywende statistiek oor vóórleesstrategiegebruik vir elke graad

STRATEGIEË	GRAAD 3 GEMIDDELDDES	GRAAD 5 GEMIDDELDDES	GRAAD 7 GEMIDDELDDES	GRAAD 3 STANDAARD- AFWYKING	GRAAD 5 STANDAARD- AFWYKING	GRAAD 7 STANDAARD- AFWYKING.
Voorskou	3.850	3.525	3.775	1.360	1.055	1.018
Skuinsletters	2.937	3.487	3.750	1.204	1.179	1.119
Voorkennis	3.875	3.675	3.937	1.266	1.177	1.117
Voorspel	3.525	3.750	3.712	1.440	1.119	1.370
Doelwitte	3.912	3.150	3.237	1.274	1.441	1.234




Figuur 1: Vóórleesstrategiegebruik deur graad 3, 5 en 7 leerders

Die resultate toon dat die gemiddelde tydensleesstrategiegebruik van Graad 3 tot 7 leerders in die kategorie van "soms" en "gereeld gebruik" val (Oxford, 1990:30) (Sien Tabel 2 en Figuur 2). Graad 3 tot 7 leerders gebruik die visualiseer tydensleesstrategie egter byna nooit. Dit wil voorkom of die fokus op regmaak, en begripmonitor, asook assosiasies val, terwyl visualisering minder aandag geniet. Met visualisering word sekere beelde van die leesmateriaal gevorm. Die resultaat is dat visualisering ander leesstrategieë komplementeer. Volgens Barton en Sawyer (2003) speel die visualiseringstrategie wel 'n rol in leesbegrip, maar die belangrikheid daarvan vervaag namate leerders ander vaardighede bemeester. Bogenoemde word ondersteun deur die navorsing van Lerkkanen *et al.* (2004).

Tabel 2: Beskrywende statistiek vir elke graad oor tydensleesstrategiegebruik

STRATEGIEË	GRAAD 3 GEMIDDELDDES	GRAAD 5 GEMIDDELDDES	GRAAD 7 GEMIDDELDDES	GRAAD 3 STANDAARD - AFWYKING	GRAAD 5 STANDAARD - AFWYKING	GRAAD 7 STANDAARD - AFWYKING
Regmaak	4.125	3.388	3.100	1.226	1.268	1.239
Monitorbegrip	4.000	4.013	4.225	1.414	1.037	1.079
Assosiasies	3.425	3.263	3.713	1.516	1.133	1.058
Visualiseer	2.225	2.313	2.050	1.575	1.420	1.272




Figuur 2: Tydensleesstrategiegebruik deur graad 3, 5 en 7 leerders

Die resultate toon dat die gemiddelde náleesstrategiegebruik van die Graad 3 tot 7 leerders in die kategorie "soms en gereeld gebruik" val (sien Tabel 3 en Figuur 3) (Oxford, 1990:30). Die Graad 3 tot 5 leerders gebruik die opsommingnáleesstrategie ongereeld, terwyl die Graad 7 leerders dit byna nooit gebruik nie. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat groter klem op vertel en evaluering val, terwyl minder aandag aan opsomming gegee word nie. Die skryf

van 'n goeie opsomming is moeilik of vat lank om te bemeester, maar dit kan onderrig word (Friend, 2000:320-321).

Tabel 3: Beskrywende statistiek vir elke graad oor náleesstrategiegebruik

STRATEGIEË	GRAAD 3 GEMIDDELDDES	GRAAD 5 GEMIDDELDDES	GRAAD 7 GEMIDDELDDES	GRAAD 3 STANDAARD - AFWYKING	GRAAD 5 STANDAARD - AFWYKING	GRAAD 7 STANDAARD - AFWYKING
Opsomming	2.413	2.900	2.150	1.515	1.269	1.080
Vertel	3.438	3.000	3.063	1.413	1.191	1.162
Evaluering	3.425	3.225	3.200	1.329	1.312	1.277



Figuur 3: Náleesstrategiegebruik deur graad 3, 5 en 7 leerders

